# BULT

Julie 2007 Jaargang 55, nr.2



## Roadmap for UFS's future

## Nuwe tydvak breek aan

Universiteit van die Vrystaat
University of the Free State
Yunivesithi Ya Freistata

Nuustydskrif van die Universiteit van die Vrystaat
News magazine of the University of the Free State




**UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT**
**UNIVERSITY OF THE FREE STATE**
**YUNIVESITHI YA FREISTATA**

Posbus 339, Bloemfontein 9300 • Tel: (051) 401 3000
E-pos: info@mail.uovs.ac.za • www.uovs.ac.za

# BULT inhoud

Julie 2007 Jaargang 55 nr 2

## Nuus/News


**4** Diversiteit in koshuise hou voordele in vir studente
**6** Rektor se aanstelling by UV verleng
**7** Lifestyle diseases biggest killer of South Africans
**8** UFS farms play vital role
**12** 'We get the number of criminals we deserve'
**18** Marion die pols van die aarde
**24** R30-m injected into research at the UFS
**27** Students bring campus shooting closer to UFS


## Monitor


**26** Nog 'n titel vir SR-president
**29** Stalsprys aan Dave Lubbe
**31** Regstudente onder bestes in die wêreld


## Our corporate friends


**33** Gauteng corporate donors: thanks!
**34** Making science fun thanks to BP


## Alumni


**37** Vishuis onthaal sy oud(dames)studente
**38** Wat het geword van? / What happend to?
**39** Vishuisboek


## Rubrieke/Columns


**2** Briewe
**32** Heengegaan
**40** Blou Willem


**Voorblad**

Marli Nel, 'n LL.B. student tussen rose op die kampus.




Redakteur / Editor:
Leatitia Pienaar
Tel: +27 51 401 9188
Faks / fax: +27 051 444 6393
Pienaarajl.stg@ufs.ac.za
UV-webblad / UFS Website:
www.ufs.ac.za

Produksie / Production

Uitleg / Layout
Chrysalis Advertising and Publishing, Bloemfontein
082 728 4860
armand@bfn.co.za


Drukwerk / Printing
PrintAbility, Pinetown

Bult, nuustydskrif van die Universiteit van die Vrystaat, word uitgegee deur die Afdeling: Strategiese Kommunikasie aan die UV. Menings wat in die publikasie gelug word, weerspieël nie noodwendig die van die Redakteur, die Afdeling of die UV nie. Bult word onder oudstudente, donateurs, sake- en regeringsleiers, meningsvormers en Kovsie-vriende versprei. Artikels mag met die nodige erkenning elders gebruik word. Rig navrae hieroor aan die Redakteur.

Bult, news magazine of the University of the Free State, is published by the Division: Strategic Communications at the UFS. Opinions expressed in the publication are not necessarily those of the Editor, the Division or the UFS. Bult is sent to alumni, donors, business and government leaders, opinion formers and Kovsie friends. Articles can be published elsewhere, with the necessary acknowledgement. Contact the Editor in this regard.

Adresveranderinge / Address changes

Stuur besonderhede aan / Send details to:
Dawid Kriel
Posbus / P O Box 2319
Bloemfontein 9300
Tel: +27 51 401 3409
Faks / fax: +27 51 444 6391
Dawid.stg@ufs.ac.za




Hierdie uitgawe is stampvol nuus uit en oor Kovsieland. Dit is duidelik dat die Universiteit van die Vrystaat 'n nuwe tydvak binnegaan.

Ons gee 'n aanduiding van wat op navorsingsterrein gebeur en deel ook die belangrike besluite wat by die UV-Raad se vergadering van 8 Junie geneem is. Lees meer hieroor op bl. 4-7.

Die besluite kan in kort soos volg opgesom word:

- Die Rektor en Visekanselier, prof. Frederick Fourie, se termyn is eenparig met 'n verdere vyf jaar verleng
- Transformasie kry momentum met 'n transformasieplan wat goedgekeur is, en
- Die Raad het nuwe beleidsriglyne goedgekeur om 'n proses van rasse-integrasie te begin om diversiteit in die studentekoshuise op die Hoofkampus van die UV vanaf 2008 te vermeerder.
- Die UV wil 'n nuwe model van koshuislewe vestig waarin studente vrywilliglik kan saamleef met diversiteit en die waarde van diversiteit aanleer om hulle leeronderVinding in koshuise te verryk.

Lekker lees.



# Briewe

## 'Sy verdien 'n vuurpyl'

### Hennie Vermaak (hpvermaak@lantic.net), skryf:

Ek vertrou dat baie oud-studente, net soos ek, voel dat Lydia Els 'n baie groot vuurpyl verdien met haar brief in die Maart-uitgawe van *Bult* 2007:

(Terloops : Weet die huidige generasie nog wat die vuurpyl is? Of is dit ook saam met so baie ander dinge weggetransformeer? Ek hoop nie so nie.)

Betreffende die laaste paragraaf van haar brief *[Die dag as die donateurslyste agterin Bult die transformasie weerspieël, sal julle weet dat die transformasieproses voltooi en suksesvol is]:* Van nou af gaan ons die name op die donateurslyste fyn dophou.

## Dankie vir Bult

### Bom Louw (nwgahar@internet-sa.co.za) skryf:

Baie dankie vir *Bult*. Dis lekker om te sien dit gaan goed met die UV. Ek was 'n Landboustudent vanaf 1973 tot 1976 (voorgraads).

## Soek bekende gesigte

### Lizanne Kruger (née Gerber) van Namibië, lizanne@mweb.com.na, skryf:

*Die Bult* (sic) raak met die jare al hoe meer vervelig. Aangesien dit 'n oudstudenteblad is, hoekom nie nuus oor oudstudente nie? Ek wil nie weet wat in julle laboratoriums aangaan nie, of watter welsynswerk julle op die platteland doen nie. Ek gee ook nie om wie in watter departement aangestel is nie. Dit het niks meer met ons te doen nie. Elke keer blaai ek angstig deur met die hoop om bekende gesigte en nuus te lees, maar vreemde gesiggies kyk na my.

Ek was van 1989-1991 op Kovsies in Roosmaryn en sal so graag nuus van ander Kovsies gedurende hierdie tydperk ook wil lees.

***Redakteur***: Soos reeds in die verlede uitgewys: *Bult* (let wel) het reeds 'n dekade en 'n half na 'n nuusblad verander toe die UV die finansiering daarvan oorgeneem het. 'n Onlangse opname het ook getoon dat die meeste mense tevrede is met die formaat en aanbieding van die tydskrif en graag meer oor die UV, sy mense en doen en late wil lees. Ons gaan voortaan nie meer briewe oor hiedie onderwerp plaas nie.

## Drosdy-baanbrekers, wegbrekers?

### Cor du Plessis van Jeffreysbaai (042-296-2525; 0829742894) deel 'n stukkie geskiedenis met ons:

Nadat ek van *Sink Tot Sandsteen Tot Graniet* deur gewerk het, het ek gevoel dat hierdie belangrike deel van die geskiedenis van ons universiteit vir die nageslag geboekstaaf word. Op p. 202 van gemelde boek is die foto van die Drosdy-baanbrekers.

**Drosdylied**
Ek het bo alle name
'n enkele uit sien groei,
herleef uit die verlede,
gelade uit die hede,
die gees wat daardeur groei. (2)

Ons sal die gees steeds adem,
net eie aan drosdy,
'n gees wat aan ons strewe,
'n ganse lange lewe,
'n eie nog sal bly. (2)

Ek is 'n drosdy-aner,
in hart en siel en gees,
my trou is aan die drosdy,
waar ek ook al mag wees,
want daar is ons so vry. (2)

Lê nou jou hand in myne,
voor ons, ons jeug gloed mis,
want deur die greep van hande,
smee ons die hegter bande,
wat onverbreekbaar is. (2)

(Op die wysie van *Ich had ein kamerade)*

In die begin van Maart 1955 het owerheid die eerstejaarseniors, dus diegene wat nie direk van die skoolbanke af gekom het nie, en 'n paar gewillige seniors in 'n nuwe L-vormige gebou (aan die westekant van die Reitzkamerwonings, "Bungalows", be-

staande uit sestien dubbelkamers) gehuisves. Hierdie gebou en sy inwoners het onder die jurisdiksie van die Bungalows geval. Die eerste paar maande het hierdie 32 manne mekaar uitgekyk en mettertyd het die kamerraadskap gegroei en het die gevoel om 'n onafhanklike koshuis te word al hoe sterker geword. Ons kon geen aanklank by die Bungalows vind nie.

Met die aanvang van die nuwe jaar 1956, verklaar ons ons onafhanklikheid, en noem ons ons "koshuis" Die Drosdy. Die primarius is die landdros genoem en die huiskom die heemraadlede, die gesellie was die trap na die boonste verdieping en die koshuislied word deur Dewald van den Heever en die uwe geskryf. Archie Rohde word eenparig verkies as die landdros.

Vir alle praktiese redes het die Drosdy as 'n koshuis gefunksioneer nadat die owerheid en die Bungalows in kennis gestel is. Daar was geen reaksie vanaf die owerheid nie en verskeie vertoë is aan die prime van die Bungalows, wie ook die SR-voorsitter was, gerig om ons versoek tot erkenning by die owerheid te bevorder. Die Drosdyaners het hul bydrae tot die studentelewe baie ernstig opgeneem – 'n eie vlot het aan die jooloptog deelgeneem, twee lede het titels tydens die Kovsie-atletiekkampioenskappe verower, een lid verower die OVS-ligswaargewigbokstitel, en nie minder as agt lede het vir die eerste rugbyspan uitgedraf nie, twee lede dien op die SR, en die voorsitter van die ASB asook die voorsitter van die Nasionale Jeugbond-tak kom uit die geledere.

Die strewe na erkenning as 'n koshuis in eie reg het opgebou en gedurende 'n stormagtige reënaand word besluit om 'n mosie van wantroue in die SR-voorie in te stel. Die strategie is deeglik beplan. Daar sou vier sprekers op verskillende plekke in die saal wees en elkeen sou 'n juiggroep om hom hê om die indruk van steun te wek. Nadat die mosie gestel en gesekondeer is, het die eerste spreker sy saak gestel, nl. die voorsitter het nie die belange van die studente op die hart gedra nie. Orals in die saal het die gejuig opgestyg. Ander sprekers het ook tot die debat toegetree en is ook die saak van 'n toesighoudende personeellid by die manskoshuise, nie die persoon nie, maar die beginsel aangeraak. Die massa is opgesweep en op die uiteinde is besluit om alle komitees te ontbind. Dit het te weeg gebring dat sport- en huiskomitees nie amptelik gefunksioneer het terwyl ander komitees soos die danskomitee op 'n ad hoc-basis gewerk het.

Daar was ook komiese insidente wat uitgestaan het. Om sakgeld te verdien het ons met tye as kelners vir 'n spysenier opgetree, selfs by die goewerneur-generaal se tuinonthaal, waar met 'n staking gedreig is tensy die besoldiging verhoog word en van die eetgoed saamgeneem kon word koshuis toe. Nodeloos om te sê dat van die lekkerste eetgoed van die tafels af geneem is aangesien "haar eksellensie" daarvan wou hê. By 'n volgende geleentheid het Sakkie van Zyl en Aap du Toit by 'n huweliksonthaal as kelners opgetree. By hul tuiskoms het hulle 'n donkie in hul kamer aangetref wat die uwe, Baas Basson en Les Sackstein al die pad van Maitlandstraat aangejaag het. Die gespook om die donkie uit te kry het so 'n gedruis afgegee dat daar lank na middernag nog geen stilte was nie en prof. Obie (Oberholtzer) die spul tot bedaring moes bring.

Die jaar het tot 'n einde gesnel en 'n afskeidsdinee is beplan. Dit sou in prof. Obie se garage gehou word en Wiek Mostert sou die gasspreker wees. Alles in ons vermoë is gedoen om dit 'n onvergeetlike aand te maak. Om vyfuur die middag van die dinee het oom Wiek ons kom meedeel dat die rektor hom versoek het om nie die dinee by te woon nie, want as hy dit sou doen sou dit geïnterpreteer kon word dat die owerheid Die Drosdy se onafhanklikheid sou erken. So het ons 32 ons dinee op ons eie gehou, hartroerende toesprake deur diegene wie afstudeer het, is gehou en is ons met die sing van ons koshuislied stil uit mekaar.

# Geskiedenis




## Dans

Een van die eerste groot geskille in die VSR het reeds in 1911 voorgekom. Die rede: dans. Die gebruik was dat jaarliks net een amptelike dansparty onder toesig van die VSR aangebied is. Die oorgrote meerderheid van die studente wou egter minstens vier amptelike danspartye per jaar hê. Die saak het heelwat opskudding veroorsaak en is tydens 'n massavergadering op 11 Augustus amptelik bespreek. Die VSR se dagboekinskrywing lui: "Deur albei kante is groot kanonne opgestel en die stryd was fel, maar onpersoonlik." Daar is besluit dat twee kollegedanse per jaar gehou sal word. Die VSR het die aanvaarding van die voorstel as 'n mosie van wantroue vertolk, en op twee na het almal bedank. By die verkiesing is die meeste lede egter herkies. En wie sou die finale sê hê – niemand anders nie as die Senaat. Hul besluit was eenparig: Die GUK sal slegs een dansparty per jaar hê. Basta met studentelewe en sosiale vermaak op die kampus – die studente was hier om te studeer.

Nogtans was die byeenkomste van die danskomitee suksesvol. Die studente het die danspartye geniet. So was die doel met die inisiasiedans dat die senior en nuwe studente sosiaal kon verkeer. Vir diegene wat nie gedans het nie, was daar volkspele, wat die Fakulteit Opvoedkunde gereël het. Sommige manstudente het geoordeel dat die Fakulteit Opvoedkunde die mooiste meisies gehad het. Waarskynlik uit jaloesie oor dié mooi meisies het die dans- of sosiale komitee die volkspele kultuurspronge genoem. Die naam het algaande inslag gevind en is selfs in die 1960's nog op die kampus gehoor.

Dans was destyds 'n debateerbare saak op die kampus van die Universiteit van die Vrystaat. Hier is 'n uittreksel uit die boek V*an Sink tot Sandsteen tot Graniet: Die eerste honderd jaar van die Universiteit van die Vrystaat*. Vir bestellings: Kontak Dawid Kriel, UV-Bemarking, Posbus 2319, Bloemfontein 9300.
Tel: 051 401 3409; faks: 051 444 6391 as u bestellings wil plaas.

# Diversiteit in kos hou voordele



Reeds in die laat 1980's en 1990's het die Universiteit van die Vrystaat (UV) besluit om 'n nuwe diverse universiteitsamelewing te skep waarin alle Suid-Afrikaners 'n heenkome sou kon vind, ongeag ras, geslag, taal, kultuur, geloof of gestremdheid, onder meer.

Dit was gedurende hierdie tydperk dat die UV die eerste stappe geneem het om weg te beweeg van die apartheidsverlede. Swart studente is toegelaat, die taalbeleid word parallel-medium, met klasse in Afrikaans en Engels, en die eerste swart bestuurslede word aangestel.

Wat ook baie belangrik is, is die besluit wat toe geneem is (in 1992) om vir die eerste keer swart studente in die koshuise van die UV te plaas wat daartoe gelei het dat swart studente vanaf 1993 in verskeie mans- en dameskoshuise geplaas is.

Hierdie stappe was deel van 'n groter toekomstige visie vir die UV – om diversiteit in sy verskillende fasette te bevorder as 'n strategiese prioriteit wat sou bydra tot 'n veel sterker en beter universiteit.

Volgens die Direkteur: Diversitiet, mnr. Billyboy Ramahlele, kan elke student en personeellid voordeel trek uit gereelde interaksie met mense wat uit verskillende agtergronde kom. En dit gaan nie net oor taal, kultuur, geloof, ekonomiese agtergrond nie, maar mense met verskillende idees, vaardighede, ens.

"Vir gegradueerdes van die UV en ander professionele mense het die wêreld kleiner geword. Mense kan enige plek in die wêreld gaan werk en daar word van hulle verwag om die diversiteit in hierdie lande te hanteer." Ook as student en burger van Suid-Afrika, word daar van almal verwag om diversiteit te waardeer en positief daarmee te handel.

"Die verskil tussen die poging tot integrasie van koshuise van die 1990's en die huidige diversiteitsbeleidsriglyne is die ondersteuning en bemagtiging wat nou aan die betrokke koshuisleierskap, naamlik die koshuishoof, die HK's, die primes, die personeel van Verblyfdienste en Studentesake gegee sal word.

"Die realiteit is ook dat die eerste poging tot koshuisintegrasie nie geslaag het nie omdat daar geen beplanning en ondersteuning vir die studente en koshuispersoneel was nie. Dit is behalwe die feit dat wit

# huise in vir studente

en swart studente nog baie gepolariseer was weens die vorige bedeling," se mnr. Ramahlele.

Die ander groot verskil is dat die UV-Raad se besluit van 8 Junie 2007 op 'n opvoedkundige rasionaal gegrond is. Dit wil sê die besluit is geneem om studente beter vir die realiteite van die samelewing en die werksplek voor te berei.

Volgens die Rektor en Vise-kanselier, Prof. Frederick Fourie, is die hoofdoelwit van die nuwe beleidsriglyne 'n ***opvoedkundige doelwit***. "Die UV wil alle studente in koshuise toerus met die kennis en vaardighede om mense van ander kulture te verstaan, ander tale te waardeer en godsdiensverskille, asook verskille in ekonomiese agtergrond, te respekteer. Studente moet ook leer om verskillende standpunte en perspektiewe te verstaan en waardeer," sê Prof. Fourie.

Die hoof ***opvoedkundige voordeel*** van die nuwe benadering is dat ervaring van en vaardighede wat betref die bestuur van al hierdie verskillende aspekte van diversiteit aan UV studente 'n besliste voorsprong bo baie ander werksoekers in Suid-Afrika sal verleen.

"Die werkplek vandag is 'n baie diverse plek met mense uit baie verskillende agtergronde, en met taal-, kultuur-, en godsdiensverskille. Indien ons studente reeds op universiteit kan leer om hierdie ryke verskeidenheid te hanteer, behoort hulle geen probleme te ondervind om diversiteit in die werkplek te hanteer nie," sê Prof. Fourie.

Die sluit van vriendskappe en bou van persoonlike netwerke en kontakte oor ras- en taalgrense heen sal ook 'n belangrike beroepsvoordeel vir studente inhou en sal die toekomstige ontwikkeling van 'n nie-rassige werkplek bevorder, waar beide swart en wit 'n bevredigende loopbaan kan vind en in harmonie kan saamwerk.

Die beleidsriglyne is derhalwe daarop gemik om 'n omgewing daar te stel waar met diversiteit saamgeleef en omtrent diversiteit geleer word en wat beduidende waarde aan die **opvoedkundige ondervinding** van die studente sal toevoeg.

In die praktyk beteken dit dat, vanaf 2008, 30% van alle eerstejaarstudente wat in 'n junior koshuis (gewone koshuis) geplaas word van 'n ander ras moet wees en uit 'n ander taal-, kultuur- en ekonomiese agtergrond moet kom as wat tot dusver die norm in die bepaalde koshuis was. Vir koshuise (kleiner koshuise, hoofsaaklik vir nagraadse studente) moet ongeveer 50% van plasings van 'n ander ras wees en uit 'n ander taal-, kultuur- en ekonomiese agtergrond kom as wat tot dusver die norm in die spesifieke koshuis was.

Om studente gedurende die implementering van die nuwe beleidsriglyne te ondersteun, sal die UV verskeie meganismes en programme in plek stel om koshuisstudente te bemagtig, kapasiteit te bou en die oorgang na hierdie nuwe model van studentelewe in die koshuise te fasiliteer.



Die plasingsbeleid moet help om studente voor te berei vir die lewe daar buite.

In die ontwikkeling en implementering van hierdie ondersteuningsmeganismes sal studente weer geraadpleeg word en sal hulle nou met die bestuur saamwerk om 'n sukses van hierdie nuwe benadering te maak.

Gedurende vorige rondes van oorlegpleging met studente gedurende die eerste helfte van 2007 het die studente self verskeie areas uitgelig waar ondersteuning en fasilitering deur die bestuur gereël sal moet word namate die nuwe benadering geïmplementeer word. Dit sluit in:

- die voorsiening van behoorlik opgeleide en gekwalifiseerde personeel om op 'n 24-uurbasis toesig oor die implementering van die beleidsriglyne te hou;
- deurlopende werkswinkels en oriëntering vir alle studente in koshuise om hulle in staat te stel om diversiteit op 'n volwasse wyse te hanteer;
- ondersteuning om hulle te help om taal- en kulturele kwessies kreatief en met respek te hanteer;
- bystand wat betref die hersiening van beheer-, administratiewe en ander prosedures wat tot dusver in koshuise gebruik is.

# Transformation roadmap **approved**

A comprehensive Transformation Plan was approved by the UFS in an effort to deepen and accelerate transformation at the institution.

Prof. Frederick Fourie, Rector and Vice-Chancellor, says transformation projects will be undertaken in key areas of university life, such as the institutional culture of the UFS; the core academic business; governance and management; and there will be a specific focus on employment equity. "The UFS now has a very comprehensive transformation roadmap of what must be done, when it must be done and who is responsible for implementation.

"In other words, we have a do-able plan of action," says Prof. Fourie. The plan is based on the belief that the UFS should treasure diversity as a source of strength and quality.

The plan is the outcome of several consultative processes, including the work of a Transformation Plan Task Team that was specifically established to do the initial thinking and liaison with stakeholders to map out critical transformation issues.

He says the overarching objective of the plan is to establish the UFS as an excellent, non-racial, non-sexist, multicultural and multilingual university, where all staff and students can experience a sense of belonging.

Prof. Fourie says one of the top priority projects of the plan has already been achieved, namely the approval by the UFS Council of new policy guidelines to increase diversity in student residences. The new policy guidelines are grounded in an educational approach that is established on the benefits of learning and living in a diverse environment.

Other projects outlined in the Transformation Plan include among others:

- ongoing diversity sensitisation for staff and students
- an investigation into the possibility of a diversity module for first-year students
- a project to establish the key elements of and ways of cultivating a sense of belonging among staff and students.

In the academic terrain the plan seeks to heighten the responsiveness of the UFS as a research institution specifically with regard to the New Partnership for Africa's Development (NEPAD), the Millennium Development Goals of the United Nations as well as the Accelerated and Shared Growth Initiative for South Africa (AS-GISA), and the HIV/AIDS pandemic among others. The inclusion of indigenous knowledge systems in curricula as far as is possible will also be investigated.

## Rektor se aanstelling by UV verleng




Prof. Frederick Fourie, Rektor en Visekanselier.

"Ek gee graag erkenning aan die bydrae van die groter span," het prof. Frederick Fourie, Rektor en Visekanselier, in 'n dokument aan 'n evalueringskomitee oor 'n verlenging van sy aanstelling by die UV gesê.

Die UV-Raad het by sy vergadering in Junie die eenparige aanbeveling van die komitee gehandhaaf en prof. Fourie vir 'n verdere termyn van vyf jaar vanaf 2008 aangestel. Sy huidige termyn verstryk op 31 Desember 2007.

Prof. Fourie is beoordeel op grond van die vordering wat die UV die afgelope paar jaar onder sy leiding gemaak het.

Oor sy nuwe ampstermyn, sê prof. Fourie uitdaginge waarmee hy te doen sal kry, is onder meer die immervloeibare staatsbefondsingsraamwerk, wat 'n universiteit altyd oop laat vir subsidie-fluktuasies en -skokke, met 'n gepaardgaande impak op die vermoë om hoëgehaltepersoneel en -fasiliteite te bekom.

Binne die UV se strategiese doelwitte, is daar ook verskeie uitdagings wat in sy nuwe ampstermyn op hom wag. Bo aan die lys is die strategiese klusters en akademiese verdieping, die uitbou van die navorsingsgewoonte en -kultuur, onderrigvernuwing, hoër deurvloeikoerse, die vestiging van die Institusionle Handves en transformasie, die bou van 'n kultuur van "tuishoort" vir almal. Die vergroting van die derde geldstroom, veral rondom strategiese klusters is ook belangrik. Regionale en streeksamewerking gaan 'n belangrike rol speel en die UV sal sy nasionale rol wil verskerp.

# Lifestyle diseases take their toll in South Africa

Except for HIV/AIDS, diseases of lifestyle, especially obesity and the obesity-related diseases are becoming leading causes of death amongst South Africans today, said Prof. Andre Dannhauser, Head of the Department of Nutrition and Dietetics at the UFS, in her inaugural lecture.


These lifestyle diseases are usually associated with prosperity, and they include obesity, diabetes, cardiovascular disease, abnormal blood lipids, post-menopausal osteoporosis, osteoporotic hip-fractures, cancer, as well as liver diseases. Diseases of lifestyle are increasing in populations who adopt the refined low fibre, high fat, Westernised diet together with sedentary lifestyles.

She said food fortification is used to address nutrient deficiencies amongst South Africans and also emphasised the value of the South African dietary guidelines for the prevention of diseases of lifestyle. Dietary supplements had become a trillion-dollar business as a result of many people taking refuge in dietary supplements to fill gaps in dietary choices. She warned that although supplements may add to daily intake of nutrients, supplements should not replace natural foods which may contain unidentified substances that could be essential for optimal health and wellness.

She said that optimal health is determined by genetics, nutrition and lifestyle. “The fact that the DNA blueprint of an individual in combination with nutrition and lifestyle factors holds the key to unlocking health and well-being, brings a new dimension in preventative medicine,” she said.

She stressed the value of plant-based diets. She said plant foods contain phytochemicals that may reduce the risk of cancer and cardiovascular disease. “Plant pigments” are one of the types of phytochemicals and are colourful, for example red, yellow-green, red-purple, orange, orange-yellow, green and white-green. Consumers are advised to ingest one serving from each of these groups daily, thus five to nine servings per day, she said.

Prof. Dannhausser also talked about the health-promoting effects of whole grains, nuts, dry beans,




Prof. Andre Dannhauser (middle), with Prof. Letticia Moja (Dean) and Prof. Frederick Fourie, Rector and Vice-Chancellor at the lecture.

soy beans, fatty fish and olive oil. She recommended carbohydrate-rich foods that have a slow influence on blood sugar, like dry beans, vegetables, whole fruit and whole grain, such as oatmeal and basmati rice.

She emphasised the positive health benefits of regular physical activity, such as weight control, appetite control, muscle strength, cardiovascular health and blood pressure. She said regular physical activity also reduces the risk of developing insulin resistance and type-2 diabetes, enhances psychological well-being, enhances immune competence and promotes optimal bone density, reduces the risk of falls, prevents certain muscle injuries, reduces cancer risk and mortality rate and enhances quality of life.

She recommended that adults should at least participate in 30 minutes of moderate-intensity physical activity daily.

# UFS farms play



Experimental farms play a major role in education and in sustainable agriculture.

Experimental farms of the University of the Free State play a vital role in the education of students, but also in addressing the needs of emerging farmers. Prof. Herman van Schalkwyk, Dean of the Faculty of Natural and Agricultural Sciences, says the UFS utilises its academic capacity and facilities to make a significant difference in sustainable agriculture to the region, country and continent.

The UFS has three experimental farms south of Bloemfontein. These farms are used for training, research and community service. Some of the farms are earmarked for agricultural skills development and training of emerging farmers, farm workers and entrepreneurs in agricultural business. They also provide skills development opportunities in brick-making, construction, value-adding and compost production. The buildings, facilities and a portion of the land of the Sydenham Experimental Farm are allocated to the Lengau Agricultural Development Centre.

Prof. Van Schalkwyk says in his 2005-2006 report the facilities are used to address the needs of newly-settled, emerging and commercial black farmers. Services range from livestock auctioneering, branding, dehorning, castration and primary herd care. It is also a centre for the education of under- and postgraduates, mentors, farmers and black entrepreneurs in many aspects of livestock, crop farming and agri-business.

In December 2004 the university, the Mangaung Local Municipality and the National African Farmers Union (NAFU) embraced the programme as partners in agricultural transformation and signed a memorandum of understanding.

Some of the projects undertaken at the centre include:

- Training of community members, particularly the residents of the informal settlement within the immediate vicinity of the farms.
- Training of emerging farmers who were recently allocated land under the land reform programme, but who are unable to make a success of their farming operations due to inexperience and lack of technical support.
- Developing and presenting of short courses in practical agriculture.
- Farm demonstrations.
- Research to identify factors that enhance competitiveness.
- Strengthening the practical aspects of the curriculum for on-going community service learning of the students on the three campuses of the UFS.
- An outreach programme through partnerships to extend the clientele to different parts of the country.
- Providing support to emerging commercial farmers where training and implementation assistance can be supplied to livestock and crop farmers.
- Participating and assisting in Agri Black Economic Empowerment initiatives.

# vital role




A farmer listens to an auctioneer.





Top: Prof. Herman van Schalkwyk, Dean of the Faculty of Natural and Agricultural Sciences, and some of the farmers.
Below: A bull gets dehorned.



- Establishing an HIV/Aids prevention, care and support initiative amongst farmers, farm workers and associated communities.

During 2006 a number of outcomes were achieved by the centre in collaboration with several partners. In conjunction with the National Emergent Red Meat Producers' Organisation (NERPO) and Mangaung Local Municipality, 12 farmers' days were held in the Motheo district where farmers were trained in vaccination, branding, dehorning, castration and tick control. They also received training and advice in bull selection for the improvement of livestock. More than 2 500 head of cattle were handled and 76 farmers attended the sessions. Six small and medium enterprises in branding, dehorning and dipping resulted from these sessions.

Eleven people were trained in broiler production skills at the centre. All are currently poultry farmers. A presenter from the Institute of Dairy Technology in Pretoria trained 15 persons on primary herd care.

Four hydroponic units were erected and vegetable production skills were offered to eight women. The project also provided seedlings to 70 households within the HIV/Aids programme of the Department of Social Development. Seventy HIV/Aids-affected

# UFS, FS Department of Agriculture take hands

Prof. Herman van Schalkwyk, Dean of the Faculty of Natural and Agricultural Sciences at the UFS, and Mr Casca Mokitlane, Member of the Executive Council (MEC) for Agriculture in the Free State, held preliminary discussions to determine how a more focused strategic leadership for the development of agriculture in the province can be established.

Mr Mokitlane, who is also a member of the UFS Council, visited the faculty on the Main Campus in Bloemfontein and exchanged information with Prof. Van Schalkwyk on development issues in agriculture. Certain important agricultural issues between the faculty and the provincial department were identified to build a more vibrant and sustainable agricultural industry in the province.

A few issues that would contribute to the building of relationships for sectoral development such as agricultural research, the training of small farmers and the department's guidance officers, the support of community projects and targets for the land reform process were also discussed.

Mr Mokitlane visited nine departments within the faculty, among others the Lengau Agricultural Training Centre, where he had discussions with prospective black farmers.

Prof. Van Schalkwyk said thorough training of black emerging farmers was discussed. Small farmers who have already completed their training are a priority for the faculty. Further discussions will continue at a later stage.

Mr Mokitlane was also informed about the research done at the faculty, training programmes offered and the roles the different divisions are playing in terms of community service. Postgraduate students informed the MEC of their specific research and studies.



Visiting the Faculty of Natural and Agricultural Sciences of the University of the Free State (UFS) were, from the left: Mr Casca Mokitlane (Member of the Executive Council for Agriculture in the Free State), Prof. Herman van Schalkwyk (Dean of the Faculty of Natural and Agricultural Sciences at the UFS) and Mr Tshepiso Ramarakane (Head of the Department of Agriculture in the Free State).

"We have great appreciation for the time Mr Mokitlane and his colleagues from the Department of Agriculture spent listening to what the faculty can do for agriculture in the Free State and also the rest of the country," said Prof. Van Schalkwyk.

"Both parties are in agreement that the one cannot function without the other. We must move closer to each other in the interest of agriculture to face the challenges ahead," said Prof. Van Schalkwyk.



Dr Léan van der Westhuizen.

households were trained in vegetable production, each managing a doorframe unit.

Prof. Van Schalkwyk says the faculty in partnership with ECIAfrica (an indigenous economic development consultancy and capacity building organisation) launched the Agricultural Business Unit at the centre to promote agricultural linkages among producers and consumers, and to promote the development of small, medium and micro enterprises (SMME's) in the process. Funding for the initiative was obtained from the United States Agency for International Development (USAID). A project co-ordinator, assistant and seven part-time consultants were appointed within the project.

The auctioneering activities resulted in an average turnover of approximately R624 000 per month. One percent commission of the turnover is earned per auction session. The availability of a scale at the auctioning ring, and providing the black cattle owners with the necessary information, motivated more of them to use the facility to market their animals. The farmers also took note of the price-determining properties and are in the process of changing their stock accordingly.

# Nuwe rekenaarsentrum gaan plek vir 800 hê





By die sooispit van die nuwe rekenaarsentrum was, van links: mnr. Abraham Makhalanyane (Direkteur van Sikeyi Construction), prof. Frederick Fourie (Rektor en Visekanselier van die UV) en mnr. Johann Ströhfeldt (Direkteur van Ströhfeldt Konstruksiegroep). Die sentrum, wat ongeveer 815 rekenaars sal huisves, word gesamentlik deur die twee konstruksiemaatskappye opgerig. Bo is ook 'n kunstenaarsvoorstelling van hoe die laboratorium gaan lyk.

"Die UV bou 'n nuwe rekenaarsentrum wat 815 rekenaars en verskeie ultramoderne rekenaarlaboratoriums sal huisves. Dit is die eerste nuwe gebou wat op die Hoofkampus gebou gaan word sedert die Thakaneng-studentesentrum in 2003, en gaan teen 'n totale projekkoste van R19 miljoen opgerig word.

Prof. Fourie sê die sentrum sal die groterwordende behoefte aan rekenaars vir studente aanspreek. "Al ons studente beskik nie noodwendig oor 'n rekenaar om hulle met hul studies te help nie. Die sentrum sal studente bemagtig om hul studies suksesvol te voltooi en hulle sal die geleentheid gegee word om in 'n akademiese omgewing navorsing vir werkopdragte te doen."

"Verskeie laboratoriums vir onder meer groepwerk, asook laboratoriums waar studente in 'n stiller omgewing kan werk aan individuele take, sal ingerig word. Daar word ook vir lokale waar klasse aangebied kan word wat vereis dat studente oor 'n rekenaar moet beskik, asook vir eksamen-, toets- en praktiese lokale voorsiening gemaak," het prof. Fourie gesê.

Die rekenaars sal nie net beskik oor die tradisionele programmatuur nie, maar daar sal ook 'n lokaal ingerig word waar programmatuur vir oop leer ("open learning") beskikbaar sal wees. Vak-spesifieke sagteware sal in sekere lokale beskikbaar gestel word aan studente om hulle te help om 'n grondige kennis van hul vakgebied op te doen.

Die rekenaarsentrum, wat sewe dae per week oop sal wees, sal ook tot UV-personeel se beskikking wees.

"Ek sien uit na hierdie ontwikkeling op die Hoofkampus. Dit gaan opwindend wees om meer as 800 studente in die rekenaarlaboratoriums te sien werk," het prof. Fourie gesê.

Die gebou word gesamentlik deur Ströhfeldt Konstruksiegroep en Sikeyi Construction, 'n swartbemagtigingsmaatskappy, opgerig. Mnr. Abraham Makhalanyane, Direkteur van Sikeyi Construction, sê: "Die projek is 'n groot verantwoordelikheid en ek sien uit daarna om saam met 'n kundige span te werk." Mnr. Johann Ströhfeldt, Direkteur van Ströhfeldt Konstruksiegroep, het gesê: "Ons werk al vir meer as 25 jaar saam met die UV aan konstruksieprojekte. Ek glo dat hierdie projek ook deel van die prag en praal van die UV sal wees."

Daar word verwag dat die rekenaarsentrum in Mei 2008 voltooi sal wees.

# 'We get the number of criminals

'The best way to fight crime, is to fight less serious crime.'




Prof. Dap Louw, Senior Professor in Psycology.

# we deserve'

"Every society gets the number of criminals it deserves. We must stop pointing fingers at each other and rather ask: 'What is my role?'," said Prof. Dap Louw, Senior Professor Psychology, at the University of the Free State.

He was a speaker at a seminar on violent crime in South Africa. The seminar was organised by the Faculty of Law. Prof. Louw concentrated on the causes of crime.

Prof. Louw said he is worried about the spirit of pessimism and helplessness in South Africa. "It is a problem to compare crime in countries because of the difference between crimes, the types, the legal and justice systems, the reporting of crimes, false data, etc. In 2000 even the United Nations reported 10 000 more murders in South Africa than were commited in actual fact.

"We do not live in an abnormal society. There is no reason to see ourselves as the criminal skunk of the world. You find the same crime patterns in other transitional societies – Argentina, Brazil, Nigeria, Peru, Russia, Ukriane, and South Africa – which tend toward increases (sometimes even dramatic increases) in crime."

Prof. Louw said "every society gets the number of criminals it deserves. We must stop pointing fingers at each other and ask: 'What is my role?' We cannot deny the truth: We had a violent past. The former system was kept in place by violence."

He also said: "The state of children in South Africa is not a pretty sight. They are not only tomorrow's adults, but also potentially tomorrow's criminals. If we accept the environment plays a role in shaping personality, we must take note that 40 percent of children live in poverty, two million go hungry every day, 100 000 will die of AIDS in the next ten years, two million will be orphaned because their parents will die of AIDS. A thousand children will be murdered every year, 20 000 raped, 30 persent will not reach Grade 5, 10 000 will work on streets, 20 percent to 60 percent will be heads of households. Millions will be emotionally and physicaly abused and neglected by their parents and family."

The role of alcohol was also highlighted: it plays a role in 60 percent of all crimes. In 2002 South Africa had a million violent crimes where alcohol played a role, 65 percent in intimate partner abuse, 75 percent in spouse abuse.

He said the role of alcohol in traffic accidents/deaths is also underreported. "We have double standards regadring crime. Between 18 000 and 25 000 people die in accidents. Alcohol is legally and socially acceptable. We do not pay attention to littering, the nonpayment of alimony, domestic violence or driving while talking on a cellphone.

"Crime is associated with certain conditions: we must alleviate and uplift people. How often do you see scientific information on violent criminals: who they are, where they come from? We cannot play a role if we do not have the data," he said.

"The best way to fight crime, is to fight less serious crime. We must create an atmosphere of zero tolerance. Involve the community. Punish the criminals financially and empower the victim. There must be a compensation system where the victim gets something back," prof. Louw said.

"We cannot have a safe South Africa if everyone is so complacent and only moans and groans. We have tackled more serious problems and we can do so again with crime."

## Institute for Judicial Excellence established

The Faculty of Law will establish an Institute for Judicial Excellence to contribute towards prevention and combating of crime in South Africa. The institute will draw expertise from the Faculty of the Humanities and the UFS School of Management. The Faculty of Law will offer training to magistrates and judges in Southern Africa, the Faculty of the Humanities will deal with research on the causes of crime, and the UFS School of Management will offer management training to the SAPS.

# Twee baanbrekers ontvang eredoktorsgrade

Die UV kan met reg trots wees op die twee persone wat vanjaar eredoktorsgrade van die UV ontvang het, naamlik prof. Bannie Britz, voorheen hoof van Argitektuur, en die Sesotho-skrywer K.P.D. Maphalla. Mnr. Maphala het ook geskiedenis gemaak deur die eerste persoon te wees om 'n eredoktorgraad op die Qwaqwa-kampus onder die vleuels van die Universiteit van die Vrystaat te kry.

## Bannie Britz kry eredoktorsgraad



'n Eredoktorsgraad is aan prof. Bannie Britz, voormalige hoof van die UV se Departement Argitektuur, toegeken. Hy is vereer vir sy bydrae tot argitektuur. Tydens die kanseliersete, waar onder meer hulde aan prof. Britz gebring is, was, van links: prof. Frederick Fourie (Rektor en Visekanselier van die UV), prof. Herman van Schalkwyk (Dekaan van die Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe) en prof. Britz.

**Prof. Britz** het in sy loopbaan 17 merietetoekennings ontvang. Dit sluit in die Fulton-prys vir die parlementsgebou in Mmabatho, 'n goue medalje en uitnemendheidstoekenning deur die Instituut van Suid-Afrikaanse Argitekte. Hy is ook deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vereer met 'n goue medalje vir argitektuur.

Hy is in Stellenbosch gebore en matrikuleer in 1952 aan die Hoërskool Lydenburg. Hy studeer B.Arch. aan die Universiteit van Pretoria. Hy werk daarna in München en Londen voordat hy sy eie praktyk in 1968 vestig. Van die hoogtepunte is die uitleg vir kampusuitbreidings van die destydse Potchefstroom-universiteit, die hooggeregshoof, parlement en ander geboue van die Bophuthatswana-regering, verskeie kerke, woning, ens.

'n Meestersgraad in Stadsbeplanning word in 1991 aan hom toegeken en in 1992 word hy as professor en hoof van die Departement Argitektuur by die UV aangestel om dit een van die mees gerespekteerde argitektuurskole in Suid-Afrika te maak.

Hy is lid van verskeie professionele instellings, en was onder meer president van die Vrystaatse Instituut van Argitekte.

'n Versameling tekeninge en foto's van sy geboue is in Suid-Afrika en die buiteland uitgestal en hy het studietoere onder meer onderneem na Duitsland, Oostenryk, Hongarye, die Tjeggiese Republiek, Slowenië, Israel, Brittanje en Spanje.

Van sy jongste nalatenskappe is die herinrigting van die Hoofgebou op die kampus van die Universiteit van die Vrystaat in Bloemfontein.

Die UV het vanjaar met sy grade- en diplomaplegtigheid in April op die Hoofkampus in Bloemfontein onderskeidelik 2 633 grade en 797 diplomas toegeken. Daar is ook 32 doktorsgrade en twee eredoktorsgrade toegeken. Die gradeplegtigheid vir die Qwaqwastudente het in Mei plaasgevind.

## UFS honours esteemed writer



The University of the Free State has conferred an honorary doctorate degree on esteemed Sesotho author Khotso Pieter David Maphalla for his contribution to the development of the Sesotho language and culture. Dr Maphalla is a prolific writer and most of his books have been prescribed for secondary schools throughout the country. The honorary doctorate was awarded to him during the graduation ceremony of the UFS Qwaqwa Campus. Here are Dr Maphalla (left) and Dr Franklin Sonn, Chancellor of the UFS, during the graduation ceremony.

**Khotso Pieter David (Tshepe) Maphalla** was honoured for his contribution to the Qwaqwa community, the Basotho in South Africa and thus the country as a whole.

He published his first book – *Kabelwamanong* – in 1982 at the age of 27 while he taught at the Thabo-Thokoza Secondary School in Bethlehem. KPD Maphalla is a prolific writer and has contributed immensely to the development of the Sesotho language and culture through his immense corpus of authored work.

He published at least two books per year, in total more than 30, covering all genres. Themes in the books are centred around social and moral issues.

He contributed in other ways to the community of Qwaqwa. He was instrumental in the establishment of a local radio station (Qwaqwa Radio), established local music groups and was advisor to a writer's association for young writers.

He received numerous awards for his work, among them the De Jager-HAUM Literary Award for his short stories, and he got a Lifetime Achiever Award from the National Department of Arts and Culture.

Maphalla's works, which depicts socio-political transformation, are bound to assist in nation-building and establishing peacful coexistence among all South Africans, according to the recommendation for the award.

## Zimbabwean sisters graduate



Two sisters from Zimbabwe, Patricia (left) and Memory Tukuta, received their B.Com.Hons. and B.Com. degrees respectively.

## South Korean obtains doctorate



Dr Hee-Young Lee became the first Korean student to obtain a doctorate degree at the Department of Ecclesiology. Dr Lee researched the well-known South African theologist Rev Andrew Murray. Rev Murray's theology made an impact in the South Korean church history since its early days. Dr Lee is an assistant pastor at a Presbyterian congregation in South Korea and is also a part-time lecturer in church history at the Baesuk Theological Centre in Seoul. Here with Dr Lee (right) is Prof. Dolf Britz, promoter, from the UFS Department of Ecclesiology.

# Two UFS campuses work together on a Ph.D.



Dr George Thamae, lecturer in Sesotho Education at the National University of Lesotho, became the first student in ten years to receive a doctor's degree from the Department of African Studies. It was also the first time that staff from this department on the Main Campus in Bloemfontein and the department on the Qwaqwa Campus worked together to produce a Ph.D. Dr Thamae's thesis, entitled: *Standardising the Sesotho orthography: A clinical investigation*, serves as the basis for the proposed standardisation of the Sesotho orthography with a view to achieve a uniform system of writing for all speakers of Sesotho, both in Lesotho and in South Africa. At the graduation were, from the left: Dr Elias Malete (Acting Principal of the Qwaqwa Campus and from the Department of African Studies at the Qwaqwa Campus and co-promoter), Dr Thamae and Prof. Mohlomi Moleleki (Departmental Chairperson of the Department of African Studies on the Main Campus and promoter of Dr Thamae).

# Meeste in Argitektuur




Sestien studente van die Departement Argitektuur het die M.Arch (Prof)-graad ontvang. Dit is die meeste meestersgrade wat in die departement toegeken is. Van die studente is, van links: Illani du Plessis, Zanie van Zyl, prof. Jan Smit (Departementele voorsitter), Hendrik Auret en Shawn Gravel. Hendrik het ook die Corobrik Student van die Jaar-toekenning vir die beste finalejaar-student in Argitektuur in Suid-Afrika ontvang.

# Kry twee medaljes



Mariska van der Mescht het twee medaljes ontvang. Die Dekaansmedalje vir die finalejaar-student wat die beste resultate in 'n eerste baccalaureus-graad in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe behaal het, sowel as 'n Senaatsmedalje en -prys vir die beste finalejaarstudent aan die UV is aan haar oorhandig.

# Aartjie na sy...



Alec Debbo, seun van die komediant, akteur en sanger Al Debbo (82), het sy B.A.-graad in Drama en Teaterkuns ontvang.

# Dean gets an MBA



Prof. Letticia Moja, Dean of the Faculty of Health, received an MBA degree in General Management.

# Dednam-broers gradueer saam



Die nasionale pluimbalkampioene Chris (links) en Roelof Dednam het albei die graad B.Sc. Rekeningkunde ontvang.

# Trots op sy kleinseun



Hendri Theron, kleinseun van prof. Neil van Loggerenberg, voormalige dekaan van die UV se Fakulteit Opvoedkunde, het 'n B.Ed.-graad ontvang.

# Marion die pols



Die Agulhas durf stromsee aan.





"Aardverwarming is 'n realiteit."

So sê prof. Johan Grobbelaar, senior professor in Plantwetenskappe, wat Marion-eiland saam met 'n groep navorsers vanjaar besoek het. Hy was in 1971 leier van die eerste verkennende biologiese ekspedisie na die eiland.

Nou, 36 jaar later, was die bevinding dat die temperatuur op die eiland 1,5 °C warmer as destyds is. Marion is ideaal vir hierdie soort navorsing, want dit is ver verwyder van enige mense-invloed, sê prof. Grobbelaar.

"In terme van biologie, is dit 'n dramatiese verhoging in temperatuur. Die tipe plantegroei op die eiland het baie verander," sê prof. Grobbelaar.

" 'n Mens kan dit met die blote oog sien." Hy was in 1985 ook vir vier weke op die eiland.


Prof. Grobbelaar het destyds navorsing vir sy doktorsgraad op die eiland gedoen. Hy was nou deel van 'n span 45 wetenskaplikes nie net van Suid-Afrika nie, maar ook van Duitsland, Swede, Maleisië, Australië, Nieu-Seeland en Switserland. Die span was nou daar om die amper honderd mere te monitor, alge te versamel en invertevrate (ongewerwelde diere) te versamel.

Marion is die grootste van die twee eilande wat saam as die Koning Edward-eilande bekend staan. Marion is ongeveer 17 km breed en 23 km lank.

# van die aarde



Die basis op die eiland.



Prof. Johan Grobbelaar (regs) en prof. Valdon Smith van Stellenbosch



Die reuse-albatrosse wat op die eiland broei



Dit is in 1948 deur genl. Jan Smuts geannekseer om te verhoed dat die Russe 'n missielbasis op die eiland oprig om Suid-Afrika aan te val. Prof. Grobbelaar sê om landswette af te dwing, moet 'n land se vlag minstens een keer per jaar op so 'n geannekseerde eiland gehys word.

Intussen het Marion saam met ander eilande belangrike navorsingstatus in die Antarktiese gebied gekry en word 'n nuwe navorsingstasie van R230 miljoen op die eiland ingerig. Oor die jare het die weerstasie 'n ongelooflike bydrae tot weerwaarneming in die suidelike Atlantiese en Antarktiese gebied gelewer. Marion, sowat 1 770 km suidoos van Port Elizabeth, is op die Antarktiese konvergensie waar die Atlantiese en Indiese Oseaan ontmoet. Dit skep temperatuurfluktuasies van 4°C tot 20°C. Vir die gewone mens is dit die "roaring forties". Windspoed van 150 km/uur is algemeen.

Die eiland word nog as 'n aktiewe vulkaan beskou. Die gebied langs die kus is moeras, terwyl dit dieper binneland toe net vulkaniese rots is. Met reënval van 2 500 mm per jaar is die geboue op stelte gebou en bring loopbane mense waar hulle moet wees. Helikopters word ingespan om wetenskaplikes by punte te kry waar hulle monsters neem.

Prof. Grobbelaar sê: "Sisteme op die eiland is baie eenvoudig. Wetenskaplikes vra hulself hoe plante daar gekom het, hoekom is daar geen vertebrate.








Bo: 'n Spanfoto.
Links: Van die pelikane wat op die eiland broei.

Hoe kom 'n vlieg sonder vlerke daar? Vir bioloë is dit ook belangrik om waar te neem hoe nuwe landmassas gevorm word, die verspreiding van saad en byvoorbeeld voëls en waar hulle voedsel vandaan kom. Dit geskied in die afwesigheid van besoedeling en die invloed van die mens.

"Marion is eintlik 'n biologiese laboratorium," sê prof. Grobbelaar. Daar is 22 plantsoorte, geen predatore, interessante voëls soos die skua en die reusestormvoël (stinker), robbe en die giselle. Die reuse-albatros broei ook op die eiland. Al die diere kom na die eiland om te verveer, nes te maak, te broei en dan weer die oseaan aan te pak. Hulle bly gemiddeld drie tot vier maande op die eiland, sê hy.

Die navorsing wat op Marion gedoen word, is deel van prestige navorsing waarby Suid-Afrika in die gebied besig is. Net 'n klein groepie lande werk in die Antarktiese gebied, en Suid-Afrika is deel daarvan. Die ander navorsing word op SANAE (South African National Antartic Expedition) en Gough-eiland gedoen.

# Prof midde in seedrama

Op pad terug Suid-Afrika toe het die span navorsers te midde van 'n seedrama beland. Die Suid-Afrikaanse ysbreker, SA Agulhas, was die enigste skip in die omgewing en moes 'n seiljag te hulp snel.

Die seiljag was op sy laaste been van 'n vaart om die wêreld en het in stormsee in die moeilikheid beland. Een van sy passasiers is oorboord, twee ander is ernstig beseer en 'n vierde kon gelukkig 'n noodsein stuur. 'n Helikopter op die SA Agulhas is onder meer gebruik om die oorlewendes op te pik.

Prof. Johan Grobberlaar sê: "Die storm wat ons oppad terug getref het, was die ergste storm wat ek nog beleef het: Orkaansterktewinde van minstens 200 km/uur het gewaai met seedeinings van minstens 18 meter en 'n 37 grade rol van die skip. Met sy neus in die storm kon die SA Agulhas net 2 knope haal!

"Die reddingsaksie is 'n pluimpie vir die waagmoed, vaardigheid en vermoë wat ons nog het om ander mense te red."

# 'US versaak sy taak'



Prof. Leopold Scholtz, Buitengewone professor in die Departement Geskiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch en Adjunkredakteur van Die Burger, het die D.F. Malherbe-gedenklesing vanjaar gelewer. Hier is, van links: proff. Magda Fourie (Viserektor: Akademiese Beplanning), Gerhardt de Klerk (Dekaan: Fakulteit Geesteswetenskappe), Scholtz en Hennie van Coller (Hoof van die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans aan die UV).

"Hoe 'n mens ook al daarna wil kyk, deel van die ekonomiese konteks waarin universiteite staan, is *armoede* en deel van die maatskaplik-kulturele konteks is *taal*. 'n Universiteit kan nie in 'n akademiese ivoortoring funksioneer nie; hy staan uiteindelik in diens van 'n gemeenskap."

So het prof. Leopold Scholtz, buitengewone professor, Departement Geskiedenis, Universiteit Stellenbosch, in die D.F. Malherbe-gedenklesing in Bloemfontein gesê. Sy onderwerp was: *Die debat oor die posisie van Afrikaans aan die Universiteit Stellenbosch: 'n ontleding.*

" 'n Universiteit kan armoede en taal eenvoudig nie ignoreer nie. Deur die regte taalbeleid – en laat 'n mens presies wees, dit gaan om moedertaalonderrig – te volg, word nie alleen ook op voorgraadse vlak vir die beste akademiese prestasies gesorg nie, maar help dit die agtergeblewe Afrikaanse gemeenskap bemagtig om op die duur uit die uitsiglose kringloop van armoede, onwetendheid, gebroke maatskaplike strukture en misdaad te ontsnap. Enige universiteit, en dit geld beslis ook vir die Universiteit Stellenbosch, wat dié verantwoordelikheid op grond van neo-liberale ideologiese oorwegings ontduik, is ontrou aan sy aard," het hy gesê.

## Blink uit in krygkuns



Me. Liza Coetzee, 'n Ph.D.-student aan die Departement Fisika van die UV, het op die Suid-Afrikaanse Krygkunskampioenskappe in Nelspruit vier goue trofeë en een silwer trofee verower. Sy is ook aangewys as die beste senior damestudent by die byeenkoms. Me. Coetzee is die afrigter van die White Tigers Combat Tang Soo Do-klub in Bloemfontein. Die span het 36 trofeë op die nasionale kampioenskappe verower. Agt van haar studente is gekies vir die Nasionale en Presidentsontwikkelingspanne wat Suid-Afrika se titel as huidige wêreldkampioen later vanjaar in Nederland gaan verdedig. Hier is me. Coetzee saam met Grand Master Jeong Seong Kim van Suid-Korea.

# This is not monkey business



Prof. Paul Grobler in the field.



Prof. Trudy Turner assisted by Letecia Jonker, a M student.

Prof. Trudy Turner of the University of Wisconsin-Milwaukee in the United States recently visited the Department of Plant Sciences: Genetics to deliver a guest lecture and do research on possible evolutionary lineages in vervet monkeys.

Prof. Paul Grobler of Plant Sciences says he and Prof. Turner have been collaborating for the last five years on a project aimed at screening for distinct evolutionary lineages in vervet monkeys. The study has taken them to the Limpopo, Mpumalanga, Gauteng and KwaZulu-Natal Provinces. In this round the search for vervets took them to the Northern Cape where the mining company De Beers made two of its farms outside Kimberley available for sampling.

Vervet monkeys are among the most widely distributed primates in the word. They are able to live in a variety of habitats and this broad adaptability brings them in conflict with humans. They frequently use cultivated products to supplement natural forage. As a result farmers and gardeners regard vervet monkeys as problem animals. Nevertheless, many South African families keep vervets as pets. This practise is illegal and usually ends with the animals being confiscated and transferred to rehabilitation centres.

There are currently around 3,000 monkeys in captivity in South Africa and the rehabilitation centres are eager to release monkeys into the wild, to alleviate overcrowding. However, this may lead to "genetic pollution', if genetically different monkeys (from different geographic regions) are released together. In a recent contribution to *Ecological and Environmental Anthropology* Proff. Grobler, Turner and others described how they are sampling and analysing vervets from across South Africa to screen for genetic differences.

"So far it doesn't look as if there are differences, and that would greatly assist with the release of monkeys, since genetic differences would then not delay the process," Prof. Grobler said. It is however too soon to provide a final answer, since many regions of South Africa still need to be sampled.

A future addition to their research will be to use genetic markers to track the movements of male vervets among troops.

Prof. Turner is a leader in her field and visits South Africa twice a year.

# UFS receives R13,7-million to research prehistoric organisms

The UFS has been awarded a massive R13,7-million contract to conduct research into prehistoric micro-organisms which live under extreme conditions, for example in mineshafts. It is one of the biggest research contracts awarded to the UFS in recent years.

BioPAD awarded the contract. It is a South African biotechnology company that brokers partnerships between researchers, entrepreneurs, business, government and other stakeholders to promote innovation and create sustainable biotechnology businesses. The project is endorsed by the Department of Science and Technology and the National Research Foundation (NRF), which contributes to the bursaries of 17 postgraduate students on the programme.

The contract involves the establishment of a Platform for Metagenomics – a technique which allows researchers to extract the DNA from microbes in their natural environment and investigate it in a laboratory.

Dr Esta van Heerden, platform manager and lecturer at the UFS Department of Microbial, Biochemical and Food Biotechnology, says: "Through this platform we will be able to understand deepmine microbial populations and their potential application in the search for life in outer space. It is most likely that, if life were to be found on other planets in our solar system, it would probably resemble that which existed millions of years ago on earth. Apart from all this, these organisms have unique properties one can exploit in biotechnological application for South Africa and its communities. " She is assisted by her collegues, Prof. Derek Litthauer and Dr Lizelle Piater.

"The platform aims to tap into the unique genetic material in South African mines which will lead to the discovery of new genes and their products. These new and unique products will find application in the medical field (anti-cancer, anti-bacterial en anti-viral cures), the industrial sector (nanotechnology, commercial washing agents and the food industry), environmental sector (pollution management, demolition of harmful metals and other toxic waste)," said Dr Van Heerden.

The Metagenomics Platforms stems from the Life in Extreme Environments (LExEN) programme which was started in 1994 by Princeton University in the United States of America in South African mines with grants from among others the National Aeronautics and Space Administration (NASA) and the National Science Foundation (NSF) in the USA. Other international collaborators on the project include Geosynec Consultants Inc. (USA), Oak Ridge National Laboratory (USA), the University of Tennessee and in South Africa the Universities of the Witwatersrand, North West and Limpopo and companies like BHP Billiton, MINTEK, Harmony, Goldfields and AngloGold Ashanti.

The research field laboratory of the Metagenomics Platform, which was situated in Glen Harvey, was moved to the Main Campus of the UFS in Bloemfontein.

## DiMTEC kry beurse vir meestersgraadprogram




Die Afrika Onderrigsentrum in Ramprisikobestuur (DiMTEC) aan die UV het beurse van R1,1 miljoen van die Departemente van Wetenskap en Tegnologie, Water en Bosbou en Plaaslike Regering vir die meestersgraadprogram in Ramprisikobestuur ontvang. Dit is bo en belawe die R2,3 miljoen wat reeds ontvang is. Vyftien studente het reeds vanjaar beurse uit die fonds, wat deur die Wetenskaplike en Nywerheidnavorsingsraad (WNNR) bestuur word, ontvang. By die bekendstelling van die beursfonds was, van links: mnr. Chris Swiegers (Departement Water en Bosbou), mnr. Lance Williams (Hoof van die Nasionale Sentrum vir Ramprisikobestuur), prof. Magda Fourie (Viserektor: Akademiese Beplanning aan die UV), me. Ramadolela Lindelani (M. Sc.-student) en mnr. Andries Jordaan (Direkteur van DiMTEC).

# R30-m injected into



New equipment in the Chemistry Department puts the UFS at the forefront of research in Africa.



Prof. Frans Swanepoel



## The NRF approved all of the eight niche research areas submitted by the UFS

The National Research Foundation (NRF) has committed approximately R30-million for various research projects at the UFS. The NRF has also approved all eight niche research areas that were submitted to the NRF, the highest number approved at any university in the country.

Prof. Frans Swanepoel, Director of Research at the UFS, said the 24 research projects for which funding had been obtained from the NRF ranged from traditional healing and HIV/Aids/tuberculosis management, practices of the paediatric anti-retroviral programme at the UFS to nano-materials synthesis and characterisation. The eight niche research areas were part of an initiative at the UFS to establish strategic clusters of academic and research excellence.

"There will be six strategic academic clusters at the UFS and the eight NRF-approved research niche areas will form part of them," Prof Swanepoel said.

The six strategic clusters are:

- Water management in water-scarce areas
- New frontiers in poverty reduction and sustainable development
- Social transformation in diverse societies
- Ecologically sound value chains for agricultural commodities
- Materials and nano sciences
- Advanced bio-molecular research

Prof Swanepoel said that the UFS had also submitted five proposals in terms of an NRF initiative to establish research chairs at South African universities. "Linked to our intention to es-

# research at the UFS

tablish six strategic academic clusters, five proposals for the South African Research Chair Initiative (SARCHi) were submitted. The proposed research chairs are:

- Petro- and organometallic chemistry
- Biocatalytic and biomimetic oxidation-reduction systems
- Nano-solid state lighting
- People's health and well-being
- Water management

Prof. Frederick Fourie, Rector and Vice-Chancellor, said at the opening of the UFS earlier this year: "The cluster initiative represents a strategic initiative to focus our energies in a few key areas, investing in them so that the UFS can become an international leader in those fields. A medium sized university such as the UFS with relatively limited human, physical and financial resources has to achieve this kind of 'critical mass' and synergy to establish itself in terms of its core functions of teaching/learning, research and community engagement."

## NRF: Institutional Research Development Programme

- Housing policy and practice in arid areas – Dr JGL Marais
- Nanomaterials synthesis and characterization – Dr FB Dejene
- Local development in the Karoo – Prof LJS Botes
- Online enzyme Bio-Assay – Prof JH van der Westhuizen
- Non-perennial environment water requirements – Prof MT Seaman
- Early events in chromatin decondensation – Prof. HG Patterton
- Nano-crystal segregation – Prof JJ Terblans
- Marker-assisted plant breeding – Dr L Herselman
- Pyrosequencing of extreme metagenomes – Prof D Litthauer
- Polymer blends, composites and nanocomposites – Prof AS Luyt
- Poultry genes stimulated during disease outbreaks – Prof RR Bragg
- Agricultural Price Risk – Prof A Jooste
- Bioassays on compounds from plants and synthesis – Dr BI Kamara
- Directed Evolution of Hydroxylating Enzymes – Prof MS Smit
- Traditional healing and HIV/AIDS/TB management – Dr JV Summerton
- Nanocrystalline metals – Dr RE Kroon
- Nano phosphors – Prof HC Swart
- Sustainable crop value chain – Prof MT Labuschagne
- Natural products from plants – Prof JC Pretorius
- Microbial diversity in new crop agroecosystems – Prof WJ Swart
- Paediatric ART program: Practices – Prof Y Botma
- TB and voluntary HIV counseling and testing – Prof HCJ van Rensburg
- Wheat gene expression after pathogen infection – Dr B Visser

## NRF: Focus Areas

- Movable cultural objects and national ownership – Prof JS du Toit
- Bible and religious corpus translation – Prof JA Naude
- Language activism and mother tongue education – Prof LT du Plessis
- New thin materials for solar cell applications – Dr FB Dejene
- Fermentation biotechnology for biocatalysts – Prof JC du Preez
- Sustainable and wealthier livelihoods – Prof JPC Greyling
- Fusarium population study – Dr L Herselman
- Marker-assisted selection for fusarium resistance - Dr L Herselman
- Psychopathic features in a group of SA prisoners – Prof DA Louw
- Housing policy evaluation in the Free State – Dr JGL Marais
- Human capacity development for multi-wavelength astronomy – Prof PJ Meintjes
- Role of yeast adjunct enzymes in cheese ripening – Prof G. Osthoff
- Subsurface microbial biodiversity – Dr E van Heerden
- Online enzyme Bio-Assay – Prof JH van der Westhuizen
- Shocks and repair processes – Prof MS Finkelstein
- Live vaccine for infectious coryza – Prof RR Bragg
- Measuring market integration in the SA apple market – Dr ZG Alemu
- Water quality and crop growth - Prof CC du Preez
- Arachid systematics (SABI) - Mr CR Haddad
- Aeolian processes and landforms in the Free State - Prof PJ Holmes
- Significance of chryseobacterium in food - Dr CJ Hugo
- Lipid biotechnology - Prof JLF Kock
- Extreme environment genomes and enzymes - Prof D Litthauer
- mhd and fluid dynamics in accretion driven systems - Prof PJ Meintjes
- Precision agriculture - Dr WT Nell
- Chromatin and gene expression - Prof HG Patterton
- Crop health improvement - Prof ZA Pretorius
- Palaeontology and archaeology - Prof L Scott
- Restoration of bush encroached areas - Prof GN Smit
- Mining fungal genome databases - Prof MS Smit
- Chromosome evolution in bulbous plants - Prof JJ Spies
- Catalysis, liquids crystals, drugs - Prof JC Swarts
- Surface characterization - Prof HC Swart
- Literary relations - Prof HP van Coller
- Utilization of low quality roughages - Prof HJ van der Merwe
- Natural products: polyphenols - Prof JH van der Westhuizen
- Up-scaling of rainwater harvesting - Prof LD van Rensburg
- ARV treatment roll-out in the Free State - Prof HCJ van Rensburg
- Utilization animal genetic diversity - Prof JB van Wyk
- Food security - Prof BC Viljoen

## NRF: Thuthuka: Women in Research

- Bible interpretation in children's literature - Prof JS du Toit
- Structure analysis of botanical melanin - Dr SL Bonnet
- Functional gene analysis of extreme genomes - Dr LA Piater
- Non-methylene interrupted fatty acids - Dr CH Pohl
- Strategies for language learning - Dr M Stander
- Elicitors and resistance response in wheat - Dr L Mohase
- AHA Free State - Dr CM Walsh

## NRF: THRIP

- Kenaf development - Prof MT Labuschagne
- IT for all - Prof PJ Blignaut
- Synthesis of internal standards for spectroscopy - Prof JH van der Westhuizen
- Process Chemistry – Prof A Roodt

# Nog 'n titel vir SR-president




Kovsies se SR-voorsitter én joolkoningin, Loraine Kriek (middel), het nóg 'n titel agter haar naam gesit, naamlik die van Dux-student. Hier by haar op die foto is van die ander presteerders vanjaar: Van links is J.C. Vorster (PPS-versekeringprys), Rienke van der Walt (derde plek), Loraine, Odie Swart (tweede plek) en Sunet Baird (Van Schaikprys) .

# Direkteure kry verdere opleiding



'n Opleidingsprogram vir hoogs presterende direkteure en rolspelers in korporatiewe bestuur word vanjaar vir die eerste keer deur die Sentrum vir Besigheidsdinamika aan die UV aangebied. Die program strek oor ses maande en fokus op situasie-spesifieke aksieleer wat studente die geleentheid gee om hul kennis en vaardighede dadelik in die werksituasie toe te pas. Die program word in Bloemfontein, Johannesburg, Durban, Port Elizabeth en Kaapstad aangebied. Die eerste groep van 18 deelnemers was van Interstate Bus Lines en die Vrystaatse Toerisme-owerheid. Hier is, van links: mnr. Danie Jacobs (Hoof van die Sentrum vir Besigheidsdinamika), me. Annelize van der Zwaard (Interstate Bus Lines), prof. Dave Lubbe (Sentrum vir Rekeningkunde), mnr. Moeketsi Tladi (Vrystaatse Toerisme-owerheid) en mnr Quintin Eister (Interstate Bus Lines).

# Students bring **campus shooting** closer to **UFS**





The shooting at the Virginia Tech (VT) in the United States in which at least 33 people died, became for Kovsie students more than a mere news item that shocked the world. At the time sixteen students from Virginia Tech were studying at the Main Campus of the UFS in Bloemfontein on an exchange programme of six months.

They were devastated because of the loss of their friends who were killed when an armed man opened fire on a hostel and classroom on the Blacksburg Campus of Virginia Tech.

Prof. Herman van Schalkwyk, Dean: Faculty of Natural and Agricultural Sciences, said: “We mourn the senseless loss of life. This also marks a very tragic chapter in the history of higer education. As academics we are connected in making the most of human potential and pushing forward the frontiers of knowledge making this incidents more difficult for us to understand.

“To you, our Hokie visitors, our students, our friends, we want to extend our deepest sorrow and support. Words fail to encompass a calamity of such magnitude. It is hard to imagine your pain and anguish. At this state, we can offer our attention, our consideration and our sympathy.”

No students of the UFS were studying at Virginia Tech at the time of the shooting. Virginia Tech students stayed in Bloemfontein until the end of the June examinations.

Arrangements were made for the VT students to receive pastoral and psychological counseling. Everything possible was done to bring them in touch with their friends on the Blacksburg Campus.



SA Media - The University of the Free State

Source: NEWSWEEK

Date: 30-Apr-2007

Quiet and disturbed, Cho Seung-Hui seethed, then exploded. His odyssey.

Making of a Massacre

IT TAKES A WHILE TO ADJUST TO GETTING SHOT AT, certainly if you are a 20-year-old sophomore biology major sitting in German class. At first, Derek O'Dell thought the slight young man dressed in dark clothes and holding a gun was playing some kind of bad joke. Then he saw the shell casings popping out of the pistol as the shooter opened fire. "I saw his eyes, too," O'Dell recalled to NEWSWEEK. "That's probably the scariest thing. There was nothing there, just emptiness almost. Like you can look in people's eyes and you can see life, their stories.

# UV Alumni vereer vier



Alumni het vier persone vanjaar vereer vir hul prestasies. Hier is, van links: mnre. Deon Meyer (Suid-Afrikaanse spanningsverhaalskrywer en oud-student en oudwerknemer), Zingile Dingani (sekretaris van die Parlement en besoekende professor aan die Bestuurskool), prof. Helena Van Zyl (Direkteur: UV-Bestuurskool) en mnr. Corrie van Zyl (assistent-afrigter van die nasionale krieketspan en afrigter van die Gestetner Diamond Eagles en oudstudent). Mnre. Meyer en Dingani het die Cum Laude-toekenning ontvang vir uitstaande diens op plaaslike, nasionale of internasionale vlak, prof. Van Zyl is aangewys om die Kovsie Alumni se Bestuurstoekenning vir uitsonderlike diens aan die UV in 2006 te ontvang en mnr. Van Zyl is aangewys as die Kovsie van die Jaar 2006 vir sy uitstaande bydrae tot krieket.

## Alumni-tak kom diep in Afrika

Alumni van die Universiteit van die Vrystaat beweeg in alle rigtings en is trots om die boodskap uit te dra dat hulle hier in die hart van die Vrystaat gestudeer het. Dit sien 'n mens aan die jongste tak wat gestig word: Eritrea in die noordooste van Afrika. Nader aan die huis is daar ook alumni-takke gestig in Lesotho, die Goudveld en Thaba Nchu.

## Soekhoekie

**Petro soek na Isabel Briel.** Sy was'n eerstejaar in 1984 en het musiek gestudeer. Indien iemand haar kontakbesonderhede het, kontak asseblief vir Petro Langford (née Fourie) by 011 475 3545, 084 605 1234 of nutrition4u@telkomsa.net.

**Rudolf en Rochelle Nieuwenhuizen** in Australië wil steeds met ou vriende en kennisse kontak maak. "Ons is nou al 5 jaar weg en wil nog nie terug gegaan nie. Ons was nog net te besig met ons nuwe lewe hier." Skryf vir hulle by rnieuwen@bigpond.net.au

# Gestremde studente kry beurse



Drie top- gestremde studente het beurse van die Kovsie-Alumni Trust ontvang. Die trust het ook 'n addisionele beurs, die Sapcor-beurs, aan die beste gestremde student – Me Melanie Nel – toegeken. By mev. Frances Hoexter (agter regs), Voorsitter van die Kovsie-Alumni Trust, is van links, voor: mnr. Teboho Mohale, mnr. Joseph Mabanga, me. Nel; agter: me. Ronelle Ceronio en mev. Hoexter.

## Koop balkie vir Kovsiedag




Oud-Kovsies bevind hul oor die land heen in verskillende beroepe en stede, maar almal het die ingeborge wil om hul heenkome trots aan ander te verkondig. Alumni wêreldwyd het die geleentheid om deel te word van 'n jaarlikse Nasionale Kovsiedag wat sal plaasvind op elke eerste Vrydag in September. Om deel te wees van hierdie groeiende beweging, koop jou Kovsiebalkie teen slegs R50. Vir meer inligting skakel Annanda Calitz by 083 641 4720 of e-pos by ficka.stg@ufs.ac.za

# Stalsprys aan Dave Lubbe

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns het die Stalsprys vir Ekonomiese en Bestuurswetenskappe aan prof. Dave Lubbe van die Sentrum vir Rekeningkunde toegeken. Prof. Lubbe is vereer vir sy rol in die Ouditkunde in Suid-Afrika.

Hy is die eerste geoktrooieerde rekenmeester aan wie dié gesogte prys toegeken word. Hy is ook die skrywer van die eerste Afrikaanse handboek in Ouditkunde en die eerste persoon in Suid-Afrika wat 'n doktorsgraad in Ouditkunde verwerf het. Prof. Lubbe spesialiseer in korporatiewe beheer en sake-etiek. Hy het ook as voorsitter van verskeie ouditkomitees in die private en staatsektor opgetree.

Die Akademie sê die Stalsprys word toegeken vir 'n hoogstaande publikasie of 'n reeks van hoogstaande publikasies by voorkeur in Afrikaans, asook vir individuele of gesamentlike produkte van hoogstaande gehalte waardeur buitengewone bydraes tot die wetenskapsbeoefening gemaak word. Prof. Lubbe word gereken as een van die "vaders" van navorsing oor Ouditkunde in Suid-Afrika en het oor die jare 'n onskatbare bydrae tot beide die akademiese en praktykgerigte kante van Ouditkunde gelewer, sê die Akademie.

Hy was ook in 2002 die eerste ontvanger van die Ernst & Young Outstanding Accounting Research Award wat deur die Suider-Afrikaanse Rekenmeestersvereniging toegeken is. Lubbe tree gereeld as spreker in Suid-Afrika en in die buiteland, asook as gasdosent by verskeie universiteite op. Hy dien as buitengewone professor in rekeningkunde aan die Universiteit van Stellenbosch.

As forensiese rekenmeester wat ook oor 'n regsgraad beskik, het hy oor die jare in verskeie opspraakwekkende bedrogsake as assessor in hooggeregshowe gedien.

Hy het hom ook as digter in Suid-Afrika gevestig en was al wenner of naaswenner van digkompetisies. Hy blink ook uit op die sportveld in ultramatathons en karate.



Prof. Dave Lubbe van die Sentrum vir Rekeningkunde.

# Fietsryseminaar aangebied




Die Sportgeneeskundekliniek aan die UV het 'n fietsryseminaar op die Hoofkampus in Bloemfontein aangebied. Die aanbieders, mnr. Nick Bester, voormalige Ystermankampioen, me. Hannele Steyn-Kotzé, Springbok in onder meer bergfiets- en padfietswedrenne, en dr. Louis Holtzhausen, Direkteur van Kovsiegesondheid, het onderskeidelik 'n oorsig van die sport gegee en gefokus op tegniese aspekte van fietsry en die fiets, kondisionering (insluitende oefenprogramme en dieetaanbevelings) en beserings en verbode middels. By die seminaar was, van links: dr. Holtzhausen, me. Kotzé, mnr. Bester en dr. Rudi de Wet van Molteno wat sy meestersgraad in Sportgeneeskunde aan die UV doen.

# Prof. Snyman receives Compton Prize



The 2005 Compton Prize was awarded to Prof. Hennie Snyman (right) of the Department of Animal, Wildlife and Grassland Sciences for the best article in the South African *Journal of Botany*. In his article Prof. Snyman focused on the influence of fire on the dynamics and functioning of a grassland eco-system. Prof. Gideon Smith (left), Chief Director: Research and Scientific Services of the South African National Biodiversity Institute, handed the Compton Prize to Prof. Snyman.

# Werkswinkel kyk na landbou in die toekoms



Die Departement Landbou-ekonomie het 'n werkswinkel oor die beplanning vir die toekoms van die landbou in samewerking met FutureWorld en Standard Bank op die Hoofkampus in Bloemfontein aangebied. Van links is: mnr. Marius Rautenbach (Provinsiale Direkteur van Standard Bank), prof. Johan Willemse (Departementele Voorsitter van die Departement Landbou-ekonomie) en mnr. Neil Jacobsohn (Hoof- Uitvoerende Beampte van FutureWorld South Africa).

# World Cup 2010 offers many opportunities



Mr Moeketsi Mosola, CEO of Tourism South Africa addressed alumni of the UFS at a business breakfast sponsored by the SABC. Mr Mosola focused on the opportunities related to the 2010 FIFA World Cup in South Africa. He told the guests that revenue generated during the four weeks of the event is expected to be around R11-billion.

# Regstudente onder bestes in die wêreld



Die UV-span wat in die debatarbitrasie-kompetisie in Oostenryk deelgeneem het, is van links voor: Sunette Visser en Dee Leboela; agter: Lucian Companie, Vicky Olivier en Deman Smit.

'n Span studente van die Fakulteit Regsgeleerdheid het die universiteit onder die voorstes in die wêreld geplaas toe hulle 46ste op die ranglys van 177 universiteite geëindig het in die Willem C. Vis Internasionale Kommersiële Arbitrasieskynhofkompetisie in Wene, Oostenryk.

Universiteite van meer as 55 lande het aan die kompetisie deelgeneem en meer as 1 800 argumente is in sewe dae gelewer.

Prof. Elizabeth Snyman-Van Deventer, afrigter van die span en lektor aan die Departement Handelsreg, sê: Die span het baie goed in al hul argumente gevaar en is gekomplimenteer met hul verbale vertonings en litigasievaardighede. "Een van die arbiters, wat 'n praktiserende internasionale prokureur in handelsreg is, het gesê die UV-span se verbale argumente is op dieselfde standaard as dié van praktiserende internasionale prokureurs wat aan werklike arbitrasies deelneem."

Deman Smit het 'n individuele sprekerstoekenning en eervolle vermelding as een van die beste sprekers gekry. Sy punt van 138 uit 150 het hom binne drie (3) punte van die internasionale individuele wenner geplaas.

Prof. Johan Henning, Dekaan van die Fakulteit Regsgeleerdheid, sê Deman se prestasie is 'n sprekende voorbeeld van die studente van wêreldgehalte wat die fakulteit oplewer. Die fakulteit hoef nie 'n duim terug te staan vir Harvard, Freiburg, München, Stanford en Sorbonne, wat ook aan die kompetisie deelgeneem het.

Die Willem C. Vis Internasionale Kommersiële Arbitrasieskynhof is 'n jaarlikse kompetisie wat deur die Instituut van Internasionale Handelsreg aan die Pace University School of Law in New York aangebied word. Die doel van die kompetisie is om die bestudering van internasionale handelsreg te bevorder en om studente op te lei in alternatiewe maniere om dispute op te los.

# Ons medelye...



Elize Pretorius.

**Elize Pretorius** is in 'n motor-ongeluk oorlede. Sy het haar B.Sc Fisioterapie-graad aan die UV verwerf en die UV onder meer in hokkie verteenwoordig. Sy word oorleef deur haar ouers Kosie en Elize, 'n broer, Sybrand, en 'n suster, Bertha, almal oud-Kovsies.

**Dr. David van der Merwe (50)**, neuro-chirurg van Netcare in Bloemfontein, is aan 'n brein-aneurisme dood. Hy het in 1991 die aandag van die wêreld getrek met 'n breinoperasie wat op 'n leeumannetjie uitgevoer is. Hy word oorleef deur twee gewese vroue, Nadine Byliss en Christelle van der Merwe, twee kinders, sy broer, en ouers.

**Mnr Chris Brink (60) van Krugersdorp**, wat deur 'n trop leeus opgevreet is, het Argitektuur aan die UV studeer. Hy het ná universiteit as argitek in Welkom gewerk.

**Mej. Wendy-May Pelzer (30)**, prokureur van Bloemfontein en eertydse model, is in April dood aan 'n outo-immuunsiekte. Sy het 'n B.A. Menslike Bewegingskunde en 'n LL. B. aan die UV verwerf. Sy laat haar ouers, twee swaers, susterskind en halfsuster agter.

**Prof. J.P.A (Albert) du Preez (85)** van Somerset-Wes is in Maart vanjaar oorlede. Hy het die grade M.Ed. (met lof) en op 82 ook D.Phil (met lof) in godsdienswetenskap verwerf. Hy laat onder meer sy vrou, mev. L du Preez, agter.

**Ds. V.O. (Vidius) Nel (83)** is oorlede. Hy het van 1943 tot 1945 aan die UV gestudeer. Hy was predikant in verskeie NG-gemeentes te Gordonsbaai, Riebeeck-Oos, Klipplaat, Alexandria, Upington-Noord, Diamantveld en Kimberley-Suid.

**Pieter Pietersen** is oorlede. Hy was in 'n stadshuis vanaf 1969 tot 1971. Hy word oorleef deur sy vrou (Renscha) en drie kinders.

**Mnr. Iann Cruywagen**, 'n oud-student en oud-personeellid, is oorlede. Hy was die seun van mev. Frances Cruywagen wat vir baie jare as personeellid verbonde was aan die UV.

**Piet Viljoen** van die Ontwikkelings-bank van Suider Afrika het by die Wêreld-bank se Stakeholders Convention in Nairobi inmekaargesak en gesterf. Hy was in sy studentejare in Reitz Kamerwonings. Hy laat sy vrou, Estelle, agter.

**Janine Kriek (42)** is in 'n motoronge-luk in Windhoek oorlede. Sy het die graad B. Mus aan die UV behaal.

**Mnr. Henk Meintjes (20)** van Bethlehem, 'n B.Agric-student in sy tweede jaar en inwoner van Huis Abraham Fischer, is dood nadat die bakkie waarop hy en sy vriende was, omgeslaan en op hom geland het.

**Me. Maretha van Zyl (23)**, derde-jaarstudent in Optometrie, is in 'n ongeluk op 'n grondpad by Hoopstad oorlede. Sy word oorleef deur haar ouers, mnr. Ogies en mev. Engela van Zyl, en 'n broer.

**Emmerentia Botha (64)** neé Blumenthal is dood. Sy het einde 1962 haar Musiekdiploma behaal. Sy word oorleef deur haar dogter en twee kleinseuns.

**Mnr. L.M. (Lopie) Jonck (75)**, prokureur van Oudthoorn, is oorlede. Hy het 'n M.A. met Staatsleer en 'n LL. B. verwerf. Hy laat sy vrou, Letitia, en twee seuns – Fanus en Johan – agter.

**Mej Riana Prinsloo (22)** 'n höerskoolonderwysstudent in haar vierde jaar, het op 'n grondpad by Dewetsdorp verongeluk. Sy word oorleef deur haar pa, Paul, en ma, Miemie, asook 'n broer en suster.

**Mnr. Coenraad Bester** het 'n B.A.-graad in 1948 aan die UV behaal. Hy was onder meer verbonde aan die hoërskole op Kroonstad, Parys, Rosendal, en Warden en was ook inspekteur van skole in Durban en Pretoria. Hy laat sy vrou, Marthie, 'n dogter en seun en drie kleinkinders agter.

**Prof. C.P.J. Erasmus** is in Bloemfontein oorlede. Hy laat sy vrou, Veronica, kinders, klein- en agterkleinkinders agter.

**Mnr. Pieter Willem Erasmus du Plessis (75)**, is oorlede. Hy het sy B.Comm in 1960 buitemuurs aan die UV gekry. Hy was 40 jaar in diens van Vleissentraal Bpk.

**Mnr. G. Royffe (35)**, het 'n Be-markings- en Verkoopsbestuurgraad gekry en het as ontwikkelaar sy eie besigheid behartig. Hy was in Villa Bravado (voorheen bekend as Olienhout) en is benoem as hul Sportman van die Jaar. Hy het in 1992 ook erkenning van die UV vir sy verskeie sport prestasies gekry.

**Ms Mampe Mokhadi (46)** of Accommodation Services died in June. She worked for the university for 25 years. a memorial service was held on Thursday 28 June.

# Gauteng corporate donors: thanks!



At the function: from the left are Ms Yavi Madurai (General Manager: South African Music Rights Organisation) with Dr Ivan van Rooyen (Director: Marketing, UFS).



Some of the guests were, from the left: Mr Gayton McKenzie, Mrs Catherine Castagno (Development Director: UFS Corporate Liaison Office) Ms Ruth Pudule (Mr McKenzie's office manager) and Mr Grant Rogerson (Group Executive: Corporate Relations, Altron).

The Corporate Liaison Office in Johannesburg honoured their donors in style during a thank-you function held at one of Johannesburg's oldest mansions, Northwards.

Northwards, one of the masterpieces by famous architect Sir Herbert Baker, was home to Josephine Dale Lace, flamboyant Johannesburg socialite who was rumoured to have been proposed to by Cecil John Rhodes and a mistress to King Edward VII of England. She used to travel in a cart pulled by zebras and take milk baths in a marble bath.

The guests who attended the function were no doubt less eccentric, but just as well-regarded. These donors have made an important and much valued contribution to the university's third-stream income of the past few years. Many are valued friends of the university.

Top-selling author and motivational speaker Gayton McKenzie added further charisma to the event.

# Making science

**'Real life examples are used to show learners how science and mathematics are used to solve real world problems.'**




Ms Feryal Domingo, Community Investment Advisor: BP (right), attending a RIEP presentation with Ms Ilse Smalberger, UFS Corporate Liaison Office, and Prof. Jack van der Linde, Director: RIEP (left).

Petroleum company BP is making it possible for Grade 12 learners in Springfontein, Philippolis and Trompsburg to discover how much fun physical science can be.

Thanks to the kind and generous support of BP, the Research Institute for Education Planning (RIEP) is able to present the TRAC physical science programme for Grade 12s in this often neglected part of central South Africa. The TRAC programme uses state of the art computer technology to support science, mathematics and technology education in South African secondary schools. Real life examples are used to show learners how science and mathematics are used to solve real world problems. The aim is to stimulate high-school learners' interest in, and an under-

# fun thanks to BP

standing of, applied science which will hopefully encourage learners to pursue technological careers.

Workshops for learners are presented alternately at the TRAC laboratory in Bloemfontein, and at their schools in Springfontein, Philippolis and Trompsburg. Learners visiting a TRAC lab are given a short lecture on the physical principles they will be investigating, after which a short computer based test is carried out to assess current knowledge. The class is then divided into groups for practical work. After the experimental work is complete, another short computer test establishes what has been learnt.

Some of the experiments conducted by RIEP include Newton's Laws, free fall as a special case of projectile motion, the conservation of mechanical energy and the conservation of momentum, to name a few.

This particular group also formed part of a research study, where learners took part in a reading programme using physical science information.

Another welcome surprise for learners came in the form of calculators to assist them in their studies. Says Cobus van Breda, TRAC programme co-ordinator: "Shortly after we started the programme, we discovered that these learners had to do science and maths at school without having proper calculators, which is almost impossible. So, we gave each learner a calculator and things improved from there!"

None of this would be possible without the generous assistance of our corporate partners. In this case, BP showed its commitment to improving mathematics and science education in South Africa and in the process is revealing a whole new world to learners in this barren part of the country.



Mr Cobus van Breda (left) and learners with their new calculators.



Learners discovering the wonders of the TRAC programme.

# Bethlehem-span gaan almal 'n ding wys




Van die mense wat die alumni reünie in Bethlehem bygewoon het.

Met die koel aandbries skraps op die horison en in stroopseisoen vir menige boer in die omgewing is tyd twyfeloos ingeruim vir *herlewing*. Op Woensdag 25 April is die voedingsaar van Kovsiesland weer herstig. Met Alaë Gräbe as anker, het alumni strategies en doelgerig aktiwiteite beplan, humoristies terug verlang na hul sorgvrye studentejare en jonger alumni (wat die "oues van dae" laat skaterlag het) is vermaak met "kattekwaad"-staaltjies uit toeka se dae.

Hierdie kuier kan sonder twyfel bestempel word as een van die mees suksesvolste alumnikuiers in jare. Alhoewel alle bestanddele, wat 'n lekker kuier verseker, hier saamgevoeg was, het alumni gefokus op toekomstige groei en proaktiwiteit. Verteenwoordigers, wat die taak opgelê is om die alumni-databasis te behartig en as skakelpersone op te tree is in Kestell, Clarens, Paul Roux, Reitz, Warden, Tweeling en Arlington verkies. Aktiwiteitsbeplanning en deurlopende groei is volgende op die agenda, met die oog op 'n formele takbestuurverkiesing tydens die volgende byeenkoms.

## Kovsie-Alumni Trust herdenk dekade

Kovsie-Alumni Trust herdenk 'n dekade van goeie lojaliteit van al sy donateurs. 'n Groot gala-geleentheid word beplan vir Saterdag 3 November 2007. Alle Kovsies wat op nasionale sportvlak presteer het, word versoek om asseblief hul kontakbesonderhede aan me. Elana Bester deur te gee. Sy kan gekontak word by 051 401 9353 (08:00 – 14:00) of e-pos: dlangel.rd@ufs.ac.za

## Kameraadskap seëvier op Ladysmith



Ladysmith se alumni vier saam fees.

Kameraadskap, toegewydheid en verantwoordelikheid is enkele terme wat aan die ontstaan van Ladysmith toegeskryf kan word. Hier het boere in die laat 1800's bande gesmee vir oorwinning en het "lojaliteit" sy ware beketenis gevind – eienskappe wat tot vandag toe "Ladysmitters" kenmerk. Alhoewel nie meer in die midde van oorlogvoering nie het 'n eiesoortige oorwinning op Dinsdag 24 April geseëvier. Onder leiding van Lera Campher het 'n groepie lojale oud-Kovsies by Egerton Manor saamgekom vir 'n herinneringsvolle alumnikuier wat weer in vele opsigte die ware Kovsie-gees die lig laat sien het.

Staaltjies van studentwees, kampusontwikkeling en universiteitsbelange is bespreek met die fokus op bydraes wat deur alumni gelewer kan word. Adv. Mauritz Randlehoff, ondervoorsitter van Kovsie Alumni, het spesifiek oor die belange van alumni gesels en die "Kovsie-veggees" in ieder en elke alumnus aangevuur. Kovsieland sal verseker moet voorberei vir waardevolle bydraes wat nog uit hierdie geledere gaan voortspruit.

## Tak van jaar aangewys

In lyn met Kovsie Alumni se visie en missie is die Tak van die Jaar-toekenning hierdie jaar weer hervat. Die Kovsie Alumni Pretoria- en Mangaung-takke is op 'n gala-aand op die UV-hoofkampus in Bloemfontein vereer vir hul besondere bydrae en betrokkenheid by die universiteit gedurende 2006. Kovsie Alumni daag en nooi alle takke landwyd uit om aan mede-alumni te wys waar die ware gees van Kovsies verberg lê. Vir verdere inligting skakel vir Annanda Calitz by 051 401 3382, of ficka.stg@ufs.ac.za.

# Vishuis onthaal sy oud(dames)studente



Van die vroue wat in die jare veertig in Vishuis gewoon het, is deur die Vishuismanne onthaal. Hier is van links, voor: mevv. Maatje van Jaarsveld (geb. Oberholzer), Elsie de Beer (geb.Van der Watt), Lenie Herbst (geb. Malherbe), Rina Steyl (geb. Odendaal), Marie van der Walt (geb. Troskie), Laetitia Hattingh (geb. Venter); agter: Marie Basson (geb. Havenga), Martie Linström (geb. Kotze), Dora van Niekerk (geb. Van der Merwe), Anna Bobbert (geb. Minnaar), Joey Naude (geb. Van Heerden), Frances Cruywagen (geb. Nell), Andri van Zyl (geb. Jacobs).



Van die gaste in ligte luim.

As deel van die amptelike Eeufeesvieringe van Huis Abraham Fischer het die Bestuur en Eeufeeskomitee van Huis Abraham Fischer vir die dames wat vanaf 1947 tot 1949 in die Vishuis gewoon het, onthaal.

Die mansstudente in daardie jare het toe in die Steyn-tehuis gebly met die dames in Vishuis. Allerlei stories word van daardie dae vertel en ook so vervat in Vishuis se Eeufeesboek wat vanaf Julie vanjaar beskikbaar sal wees.

Die onthaal vir die vroue het op Donderdag 29 Maart 2007 voor die koshuis plaasgevind en was in die formaat was 'n oggendtee met ligte verversings. Die dames het lekker gesels en vele staaltjies vertel van hul dae op die kampus.

Die groot eeufeesbestaansvieringe van Vishuis vind van 8-12 Augustus 2007 op die kampus plaas. Vir enige navrae en of besprekings (die oud-dames is ook welkom) kontak Vishuis se administratiewe kantoor by 051 401 3470 of epos admin@vishuis.co.za. Verdere inligting is op die webblad www.vishuis.co.za beskikbaar.

# **Erflatingsvereniging** bespreek testamente en boedels



’n Groep alumni, oud-personeel en vriende van die UV het ’n inligtingsessie oor testament- en boedelbeplanning, wat deur die Kovsie Erflatingsvereniging (KEV) gereël is, bygewoon. Mnr. Gert Nel, Direkteur van Korporatiewe Belasting by PricewaterhouseCoopers, was die spreker. By die inligtingsessie was, van links: prof. Nico du Plessis, voorsitter van KEV, me. Kathy Verwey van UV-Bemarking, mnr. Nel, prof. Johan Nortje, komiteelid van KEV, en prof. François Retief, ’n voormalige rektor en ook ’n komiteelid van KEV.

# **Computer lab** on Qwaqwa in **operation**



The new computer laboratory at the University of the Free State’s (UFS) Qwaqwa Campus has begun operating. The laboratory, equipped with 57 computers, is accessible to both the staff and the students of the UFS. The Dell Foundation donated the computers to the university in March this year. Pictured in the laboratory are, from the left front: Ms Monica Snymes (Laboratory Assistant), and Mr Teboho Miya (Laboratory Assistant); back: Mr Motlalepule Motloung (Laboratory Assistant), Mr Isaac Moeketsane (Laboratory Assistant) and Mr Patrick Tobias (Laboratory Supervisor). The student working on the computer is Mr Vusumuzi Maphalala.

# Wat het geword van? What happend to?



- **Prof. Stef Coetzee**, voormalige rektor van die Universiteit van die Vrytaat, is aangestel as uitvoerende direkteur van die Afrikaanse Handelsinstituut. Hy volg in die plek van mnr. Jacob de Villiers.
- **Dr. Jakes Gerwel** en **dr. Franklin Sonn** is albei as erelede van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns verkies. Dr. Gerwel is ’n buitengewone hoogleraar aan die UV en dr. Sonn is kanselier van die UV.

## Corlia se kuns floreer in Atlanta



- **Corlia Kock** (nooiensvan Potgieter) skryf sy het ’n graad in Beeldende Kuns in 1993 aan die UV gekry. “Ek was onder andere deel van die Volkskas Atelier in 1994. “Op die oomblik bly ek in Atlanta, Amerika. Ek het in 2003 die kunslewe in Atlanta binne gegaan met geen kennis van die gallerye en kunslewe in dié Amerikaanse staat nie. Sedertdien was ek deel van ongeveer 16 kunsuitstallings in Atlanta self en een nasionale kunsuitstalling in Illinois. Atlanta se grootste koerant, die *AJC*, het ook ’n foto en artikel oor my werk geplaas. Ek het die afgelope twee jaar ongeveer 100 kunswerke verkoop. My webblad is www.corlia.com.

## What does your brand look like?



An opinion leader in Branding, Thebe Ikalafeng who is CEO of Brand Leadership, addressed alumni at a luncheon which was also attended by staff members of the Main Campus. He said branding differentiates a person from competition. It confers "top of the mind" status. Thebe mentioned that trusted brands receive the word of mouth benefit, which is an investment in itself. Personal branding will attract the right people and opportunities. Doing what you love is central to personal branding as it adds perceived value to what you represent. Seen here are, from the left: Dr Ivan van Rooyen (Director UFS Marketing), Ms Suzan Mshumpela (Deputy Director UFS Marketing), Mr Thebe Ikalafeng and Prof. Neil Viljoen (Chief Director: Operations.)

## Vishuisboek



Die eerste uitgawe van die Huis Abraham Fischer se Eeufeesblad, *Huis van Presidente*, is deur die voorsitter van die Eeufeeskomitee aan prof. Frederick Fourie, Rektor en Visekanselier, oorhandig. *Huis van Presidente* is by die admininstratiewe kantoor van Huis Abraham Fischer beskikbaar teen R495. Slegs 700 uitgawes is gedruk. By die oorhandiging was, van links: mnr. Archie Buys (Koshuisbestuur), prof. Frederick Fourie (Rektor), mnr. Wynand Flemming (Voorsitter: Eeufeeskomitee), mev. Cora Viljoen (skrywer) en mnr. Andrew Soden (Koshuisbestuur). Die amptelike eeufeesvieringe van Huis Abraham Fischer vind vanaf 8-12 Augustus 2007 op die UV-kampus plaas. Navrae kan gerig word by 0514013470 of admin@vishuis.co.za of www.vishuis.co.za.

## Qwaqwa alumni together




The Qwaqwa Campus held an alumni function as part of its 25th anniversary celebrations that will culminate in September 2007. The function was attended by graduandi from the eras before and after the incorporation of the campus into the UFS. Attending the function were, from the left: Mr Skhalo Malinga (former president of the Student Representative Council) and Dr Nyefolo Malete (Acting Campus Principal).

## Alumni Cape Town reunion



The Kovsie Alumni Cape Town reunion was held at Big Bay, Blouberg Strand. Here are, Magadi and Vincent Madlela.

# Hy '**trim**' toe maar die **blommetjies**



Dit voel hierdie jaar vir my baie vreemd om nie 'n kind op Kovsies te hê nie. Dit maak natuurlik ook dat ek baie minder verskonings het om in Bloemfontein te kom, wat sleg is. Gelukkig het ek darem volgende jaar weer 'n telg daar (mits hy matriek kan deurkom… in my tyd hoef ons net Winburg deur te gekom het). Ja, en natuurlik hoop ek hy gaan in my ou koshuis bly, alhoewel my ander helfte bang is hy gaan dan nes sy pa uitdraai! Eishh!

Een van die dinge wat die ma's baie senuweeagtig maak, is die gedagte dat elke koshuis deesdae 'n kroeg het (ook genoem 'n bond soos in James Bond) waar die manne 'n knertsie kan vat na ure se harde leer (of vry). Die ander ding wat die ma's nog meer op hul senuwees maak, is die gedagte dat die meisies sommer enige tyd daar by die manne 'n draaitjie kan kom maak.

Nee kyk, in ons tyd was al die watergate mos in die stad en al die meisies agter slot en grendel. Ek sal nooit vergeet met watse lewensgevaar ons in ons eerstejaar in die stad 'n verversinkie moes gaan geniet het nie. En ek praat nou nie van dronkbestuur en daai klas van ding nie. Nee, daar was die veel groter lewensgevaar naamlik dat 'n senior jou sou sien daar waar jy agter die stasie in 'n obsene, obskure kroeg 'n bier of twee gaan soek het.

Die feit dat ons nie in daai jare 'n kar mag besit het in ons eerstejaar nie, het die operasie so ingewikkeld gemaak dat dit jou vir die res van jou lewe 'n renons in drank moes gegee het, maar ongelukkig het dit nie.

Ek en my ou kamermaat het 'n skoolmaat uit Pretoria, ou Aap, gehad wat by die Weerburo daar in Bloemies gewerk het. Aap het 'n kar gehad en was 'n man wat die lewe en Red Heart Rum geken het. In 1971 was dit die 10-jarige herdenking van ons land se Republiekwording en was die hele stad se lamppale getooi in die ou oranje, blanje, blou landsvlae. Al wat ek kan onthou is dat ons een aand saam met Aap en ene Captain Morgan (nog een van Aap se ou vriende) inry toe was en dat ek vandag nog van daai ou landsvlae oor het, as iemand dalk soek.

Later jare kon ons darem in meer styl 'n dassie aansit en daar in die Lokomotief-dameskroeg by die President Hotel laataand 'n ou ietsie of ietsies gaan geniet. So sit ons een aand daar rustig en kuier en vra Aap toe die kroegman (so 'n fynerige kêrel wat gestaan en glase poleer het) vir 'n bietjie grondboontjies. Die versoek word toe nie toegestaan nie en die glaspoleerder begin toe ook die Lokomotief se ligte af te sit waarop Aap toe 'n blommerangskikkinkie (so 'n poseytjie) gryp en die blommetjies een vir een begin opeet. Die volgende oomblik is daar twee konstabels van Parkweg-polisie in die kroeg en wil hulle ons aankla van diefstal.

My rooms, ou Barry, het regte geswot maar nog nie genoeg om met gemak met die gereg te kon bots nie en verduidelik toe vir die konstabels dat niks weg is nie, en dat die blommetjies net 'n bietjie "getrim" was. Duidelik net saakbeskadiging en nie diefstal nie.

In elk geval, nadat die konstabels met Parkweg oor die radio gepraat het, is ons amnestie aangebied deur die kroegmannetjie en is ons maar eerder vort.

Die volgende dag bel ek Aap se kantoor om te hoor hoe dit gaan. Nee hy's nie daar nie, sê die meisie. " Hy't vroeg gebel om te sê hy het 'n maagaandoening!" Ja, net so, daai blommetjies!

En ja, volgende jaar is Seun in Bloem en dit bekommer my.

Bestaan die Lokomotief nog?



# Donateurs

## Goue donateurs

889. Mnr Alex Pretorius, Prokureur, Wilropark
1076. Dr Wessel Vermeulen, Dokter, Sinoville
1077. Mnr Chris Kasselman, Boer, Wesselsbron
1078. Mnr Kobus Gertenbach, Parklands
1079. Me Dida Coetzer, Rekenmeester, Sonnental
1080. Dr Wikus Vermeulen, Mediese Registrateur, Montana Park
1081. Mnr Hoski Linde, Finansiële Adviseur, Willows
1082. Mnr Johan van Wyk, Rekenmeester, Heuwelsig
1083. Me Renette vd Walt, Onderwyseres, Kimberley
1084. Mnr Conrad Cronje, Finansiële bestuurder, Bloemfontein
1085. Mnr Henk Bouwer, Ontwikkelaar, Pretoria
1086. Mev Toitnette Steenkamp, Belastingkonsultant, Pretoria
1087. Mnr Charl du Toit, Finansiële bestuurder, Randburg
1088. Mnr Hercules Dreyer, Sakeman, Woodlands
1089. Mnr Gerrit Olivier, Staatsamptenaar, Pretoria
1090. Mnr Thabo du Plessis, Argitek, Buccleuch
1091. Mnr Hannes van Jaarsveld, Konsultant, Bloemfontein
1092. Mr Thabo Moeng, Chief officer, Bloemfontein
1093. Mr Mphutlane Modibedi, Admin Clerk, Bloemfontein
1094. Mnr Stefan du Preez, Prokureur, Bloemfontein
1095. Mnr Francois Daffue, Prokureur, Bloemfontein
1096. Mnr Henning Ellis, Safex-handelaar, Naboomspruit
1097. Mnr Hermann Woithe, Konsultant, Unton Grange
1098. Mnr Pieter Nel, Sakeman, Upington
1099. Mnr Fanie du Preez, Produkspesialis, Lynnwoodrif
1100. Mev Minette Bekker, Kliniese sielkundige, Rant-en-Dal
1101. Mnr Stefan Olivier, Prokureur, Bloemfontein
1102. Adv Johan Lamprecht, Advokaat, Kempton Park
1103. Mnr Willie Combrinck, Kontrole-tegnikus, Bloemfontein
1104. Mnr Anton, du Plessis, Rekenmeester, Bloemfontein
1105. Mnr Niel Olivier, Sakeman, Bloemfontein
1106. Me Henriette Tredoux, Fisioterapeut, Bloemfontein
1107. Mev Annamarie Möller, Bestuurder: Menslike Hulpbronne, Bloemfontein
1108. Mnr Hendrik Cronje, Joernalis, Bloemfontein
1109. Dr Hennie Kritzinger, Radioloog, Port Elizabeth
1110. Mnr Loggies van Loggerenberg, Streekshoof-bestuurder, Centurion
1111. Mev Coriene Potgieter, makelaar, Senekal

## Prestige-donateurs

630. Mnr Burtie Coetzee, Regskoste-konsultant, Garsfontein
971. Mnr Jan Cilliers, Makelaar, Discovery
2086. Mnr Dawid Zeelie, Motorhandelaar, Centurion
2102. Mnr Charl Theron, Rekenmeester, Bloemfontein
2104. Mnr Izak Steyn, Bedryfsielkundige, Menlopark
2105. Mnr Johan vd Berg, Bestuurder, Noordheuwel
2106. Mnr Nelis Swart, Hoof- besturende beampte, Dunkeld
2107. Mnr Abrie Rabie, Bestuurder, Centurion
2108. Mnr Pieter Norval, Sakeman, Parklands
2109. Mnr Niel Botha, Prokureur, Bethlehem
2110. Mnr Deon Basson, Navorser, Birchleigh-Noord
2111. Me Jolanda van Tonder, Posbus 9154, Sonpark
2112. Adv Ernst Pienaar, Forensiese Ondersoeker, Moreleta Park
2113. Mnr Anton Bester, Ingenieursgeoloog, Lynnwoodrif
2114. Mnr Marnus Jansen van Vuuren, Verkoopsbestuurder, Langenhovenpark
2115. Mnr Arno vd Walt, Hoof- Finansiële Beampte, Danhof
2116. Mnr Donovan Majiedt, Prokureur, Bloemfontein
2117. Mnr Nelie Smith, Oud-Rugbyspeler, Strand
2118. Dr Jeannine Leipoldt, Mediese dokter, Pretoria
2119. Mnr Willem Kirsten, Navorser, Pretoria
2120. Mnr Werner van Rhyn, Eiendomsontwikkelaar, Saxonwold
2122. Mnr Hein van Eck, Kennisbestuurkonsultant, Pretoria
2123. Mev Carine Pelser, Toeroperateur, Pretoria
2124. Mnr Derick Papenfus, Boer, Harrismith
2125. Mnr Avril Pagel, Prokureur, Parklands
2126. Mnr Jacques Louw, Vennoot, Johannesburg
2127. Mnr Morkel Combrink, Hoof- uitvoerende beampte, Pretoria
2128. Mnr Rian Moolman, GR, Pretoria
2129. Mnr Johan du Preez, Bemarker, Centurion
2130. Mnr Pietie Wagener, Chemikus, Bloemfontein
2131. Mnr Johan Human, Ontwikkelaar, Bloemfontein
2132. Mr Thato Seroto, Attorney, Illovo
2133. Mnr Awie du Plooy, Landdros, Edenglen
2134. Dr Jannie du Plessis, Dokter, Bethlehem
2135. Mnr Martiens Barnard, BDM, Bultfontein
2136. Mnr Ian Brink, Regsadviseur, Garsfontein
2137. Dr Cornel Spies, Dokter, Somerset-Wes
2138. Mnr Johan de Waal, Kliëntediensbestuurder, Milnerton
2139. Mnr Phonnie Cilliers, Hoof- uitvoerende beampte, Pretoria
2140. Dr Riana Engelbrecht, Mediese dokter, Pierre van Ryneveld
2141. Mnr Louis Fourie, Direkteur, Pretoria
2142. Mnr Kobus Etsebeth, Sakeman, Prieska
2143. Dr Mario Greyling, Mediese dokter, Lyttleton
2144. Mnr Dawie Jacobs, Boer, Lydenburg
2145. Mnr Willem Krahte, Argitek, Centurion
2146. Mnr Wimpie Jonker, Finansiële Adviseur, Langenhovenpark
2147. Mnr Rhyno Kriek, Kommunikasiekonsultant, Bloemfontein
2148. Mnr Gary Long, Streeksbestuurder, Brandhof
2149. Dr Retief Strauss, Mediese dokter, Oos-Londen
2150. Mnr Marius Tolmie, Besigheidskonsultant, Pretoria
2151. Mnr Callie vd Westhuizen, Risiko-spesialis, Upington
2152. Mnr Frans van Heerden, Konsultant, Riebeeckpark
2153. Dr Elmarie Venter, Dosent, Port Elizabeth
2154. Dr Paul Vorster, Kommunikasiekonsultant, Johannesburg
2155. Dr Hein Wiese, Ekonoom, Pretoria
2156. Mnr Tewie Willemse, Prokureur, Kempton Park
2157. Mnr Sarel du Plessis, Argitek, Pretoria
2158. Mnr Hugo Grundling, Sakeman, Pretoria
2159. Mnr Stephan Meyer, Sakeman, Bloemfontein
2160. Mnr Christo Kruger, Bestuurder, Bloemfontein
2161. Adv James Gilliland, Advokaat, Bloemfontein
2162. Mnr Le Roux Germishuizen, Sakeman, Bloemfontein
2163. Mnr Japie de Clerk, Prokureur, Clarens
2164. Mnr Piet Britz, Sakeman, Bloemfontein
2165. Mnr Stefan en mev Mariette Klopper, Sakeman, Bloemfontein
2166. Mnr Gerhard Els, Argitek, Pretoria
2167. Mnr Kaspaas Cilliers, Eiendomsmakelaar, Bloemfontein
2168. Mnr Danie Schoeman, Stadsbeplanner, Bloemfontein
2169. Mnr Jimmy Powell, Fisioterapeut, Bloemfontein
2170. Mnr Willie Oosthuizen, Mediese verteenwoordiger, Sasolburg
2171. Mnr Jannie Meyer, Finansiële Adviseur, Bloemfontein
2172. Mnr Willem Theron, Bemarker, Pretoria
2173. Dr Marita Kruger, Mediese dokter, Wapadrand

## Platinum-donateurs

268. Mnr Hantie du Plooy, Makelaar, Wesselsbron
269. Mnr Carl de Witt, Areahoof, Johannesburg
270. Mev Marieke Oberholzer, Sielkundige, Mooikloof
271. Mnr Hugo Jansen van Vuuren, Prokureur, Bloemfontein
272. Mnr Stonie Steenkamp, Bankier, Bloemfontein
273. Mnr Franco van Heyningen, Staatsamptenaar, Langenhovenpark
274. Mnr Ben vd Westhuizen, Besigheidsbankier, Bloemfontein
275. Mnr Maritz Nel, Streekbestuurder, Langenhovenpark
276. Mnr Rossouw Hattingh, Sakeman, Wadeville
277. Mnr John Stevens, Ouditeur, Bloemfontein
278. Dr Dawie Mullins, Pretoria
280. Mnr Francois Martens, Geoloog, Mosambiek
281. Mnr Kobus Walters, Analis-programmeerder, Cresta
282. Dr Christo Viljoen, Graanmakelaar, Bloemfontein
283. Mnr Sam Louw, Sakeman, Bloemfontein
284. Dr Waltie Vermeulen, Mediese dokter, Hopetown
285. Mnr Pieter Erasmus, Boer, Middelburg (Oos-Kaap)
286. Mnr Jaco Kachelhoffer, Prokureur, Bloemfontein
287. Mnr Jaco Spies, Forensiese Ouditeur, Erasmuskloof
288. Mnr Philip Pope, Bourekenaar, Highveld
290. Dr Danie Struwig, Mediese dokter, Meerensee
291. Mnr Max Weiss, Prokureur, Rustenburg

## Diamant-donateurs

64. Dr Louis Nel, Neurochirurg, Pretoria
65. Mnr S Strauss, Direkteur, Braamfontein
66. Mnr Das van Deventer, Prokureur, Bloemfontein
67. Mnr Nico Vermeulen, Sakeman, Bloemfontein
68. Mnr Chris Bezuidenhout, Sakeman, Silverton

MAG mail

Permit Mail
P4012204
SOUTH AFRICA
PrintAbility
AFRICA'S FINEST PRINTERS

E-mail reply: alumni@mail.uovs.ac.za
Return address: Dawid Kriel, P O Box 2319, Bloemfontein 9300

1904

Universiteit van die Vrystaat

University of the Free State

IN DEO SAPIENTIAE LUX